**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr.: 959/2002

In die saak van:

**ASTRAL OPERATIONS BEPERK**
**H/A MEADOW VOERE** Eiser

en

**IGNATIUS STEPHANUS FERREIRA N.O.** Verweerder

---

**AANGEHOOR OP:** 18, 19, 20, 21, 25, 26, 28 NOVEMBER 2003, 7, 8, 9, 10 SEPTEMBER 2004, 29, 30 NOVEMBER 2004, 1, 2, 3 DESEMBER 2004, 25 FEBRUARIE 2005

---

**UITSPRAAK:** KRUGER R

---

**GELEWER OP:** 17 MAART 2005

---

**INLEIDING**

[1] Eiser ("Meadows") het verweerder ("die Trust")

gedagvaar vir betaling van veevoer. Die trust het ‘n teeneis vir skadevergoeding ingestel. Meadows is ‘n groot veevoermaatskappy en Dr. Ferreira, wat die trust beheer, is ‘n mediese dokter en groot melkboer in die Oos-Vrystaat in die Ladybrand omgewing.

[2] Hierdie verhoor het 17 hofdae in beslag geneem. Dit het begin op 18 November 2003 en betoog is gelewer op 25 Februarie 2005.

[3] Die verhouding tussen die partye word deur kontrak gereël. Wat die teeneis betref bepaal klousule 2.2, wat gemeensaak is, tot watter mate die trust vir Meadows aanspreeklik kan hou in gevalle soos die onderhawige. Ten einde met die teeneis te slaag moet die trust bewys dat sy skade veroorsaak is deur die voer en nalatigheid van Meadows. Wat die hoofeis betref, weier die trust om te betaal as gevolg van ‘n geskil oor die kwaliteit van die voer.

[4] Die ooreengekome kwantum van die hoofeis is R220 599,16 ten opsigte van ses vragte voer wat agelewer is.

In die teeneis vorder die trust die volgende in die gewysigde teeneis:

| | | |
|---|---|---|
| (1) | Vervanging van melkkudde | 2 005 469,00 |
| (2) | Verlies aan aanwas | 103 500,00 |
| (3) | Verlies aan inkomste | 4 695 879,30 |
| (4) | Mediese uitgawes | 70 053,37 |
| | | 6 874 901,67 |
| | | =========== |

Die R70 053,37 word soos volg saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| (1) | Medikasie en veearts | 27 550,40 |
| (2) | Konsultasie en diagnostiese ondersoek | 21 537,40 |
| (3) | Ondersteunende medikasie | 13 984,04 |

Na aanleiding van Dr. Marwick se getuienis word 25% afgetrek van die eerste bedrag, 10% van die tweede en 33⅓% van die derde. Dan word hierdie drie syfers

volgens Mnr. Ploos van Amstel die volgende:

20 662,80

19 383,66
13 984,04

Volgens Mnr. Ploos van Amstel is die totaal hiervan R53 700,50. Volgens my berekening is die totaal R54 030,50. Die bedrag wat die trust dus in die teeneis vorder is:

| | | |
|---|---|---|
| (1) | Vervanging van melkkudde | 2 005 469,00 |
| (2) | Verlies aan aanwas | 103 500,00 |
| (3) | Verlies aan inkomste | 4 695 879,30 |
| (4) | Mediese uitgawes | 54 030,50 |
| | | 6 858 878,80 |

============

[5] Die periode waarvoor die trust vir verlies aan inkomste eis loop vanaf 29 Oktober 2001 tot November 2003. In daardie periode het 51 koeie gevrek, 315 moes as slagbeeste verkoop word en 68 kon nie meer as melkkoeie bemark word nie. Die trust het net 68 van die koeie wat aan Meadows se voer blootgestel is, behou.

[6] Omdat die kwaliteit van die voer relevant is vir die hoofeis en die teeneis, is dit dienstig om eers met die teeneis te handel.

[7] Die relevante kontraksbepaling lees soos volg:

> gFeed is sold, manufactured, or supplied, and advice is given by the supplier on the conditions that the supplier shall be liable to the purchaser for such loss or damage, which may be incurred or sustained by the purchaser arising out of, or in connection with the feed or advice as is proved by the purchaser to have been caused by the negligence of the seller and on no other basis whatsoever.”

[8] Ten einde met sy teeneis te slaag moet die trust bewys dat sy skade veroorsaak is deur die nalatigheid van die eiser. Hierdie is ‘n geval waar die uitsluiting bedoel in **KROONSTAD WESTELIKE BOERE-KO-OPERATIEWE VERENIGING BPK v BOTHA AND ANOTHER** 1964 (3) SA 561 (A) op 571 H (laaste reël) tot 572 A geld, naamlik waar die deskundige verkoper se

skuldlose aanspreeklikheid kontraktueel uitgesluit is.

[9] Die trust se saak is dat sy skade veroorsaak is deur Meadows se voer; al ses vragte. Meadows sê dat daar verskeie oorsake kan wees vir die trust se probleme met sy kudde, maar dat dit nie toegeskryf kan word aan sy voer nie.

**DR. FERREIRA**

[10] Hoewel kennis gegee is dat Dr. Ferreira as deskundige sal getuig, was sy getuienis meer feitelik van aard. Hy het ook nie die vergadering van deskundiges bygewoon nie, en het geen deel gehad aan die opstel van die Notule van die vergadering van deskundiges nie.

[11] Dr. Ferreira is die enigste trustee van die Marseilles Holstein trust, in welke verteenwoordigende hoedanigheid hy die verweerder in hierdie saak is. Hy is ‘n mediese dokter wat in 1989 gekwalifiseer het, vir ‘n

paar jaar gepraktiseer het, en sedert 1996 boer hy op die plaas Fragment, waaroor hierdie saak gaan. Daar was probleme met die uiers van die kudde en koeie is uitgeskot en vervang. Hy is sedert 2001 voltyds boer. Hy het die kudde uitgebou vanaf plus minus 80 tot 400 volwasse diere. In Mei 2001 het hy begin om 'n nuwe melkkompleks te bou. Hy het planne gehad om die kudde uit te brei tot 1000. Die nuwe melkkompleks is in Junie 2002 in gebruik geneem.

[12] Gedurende Oktober 2001, op die stadium toe Meadows se gewraakte voer vir die eerste keer op die plaas gelewer is, was Dr. Ferreira een van die grootste melkboere in die Oos-Vrystaat, en een van die min wat besig was om uit te brei. Teen die einde van Oktober 2001 was daar plus minus 300 volwasse diere in melk. Die gemiddelde melkproduksie in Oktober 2001 was tussen 26-27 liter per koei per dag. Dr. Ferreira wou graag opgaan na 'n gemiddeld van 30.

[13] In 1998 was 'n nuwe melkmasjien geïnstalleer, waarmee daar probleme was, en nog van die koeie moes uitgeskot word.

[14] Op 10 Julie 2001 het hy 78 koeie aangekoop en op 21 November 2001, 46 verse.

[15] Die koeie was op 'n volvoer sisteem, drie keer 'n dag gemelk. Die koeie het op kraal gestaan, hulle was op 'n nul beweidingsisteem. Hulle het 'n totaal gemengde rantsoen ontvang. Die kragvoer-komponent van hierdie rantsoen word by veevoermaatskappye aangekoop.

[16] Frikkie Botha van Meadows het Dr. Ferreira in September 2001 op die plaas besoek. Dr. Ferreira was aanvanklik nie geïnteresseerd om oor te slaan vanaf die Nolko HPK 32 na Meadows se produk nie. 'n Paar weke later was Dr. Ferreira se pa by ander melkboere in Ficksburg. Hulle het van Nolko af oorgegaan na Meadows en het baie goeie resultate behaal by

Meadows. Dr. Ferreira vra toe vir Frikkie Botha om hom weer te kom sien in Oktober 2001. Botha beveel toe aan dat Dr. Ferreira Meadows se Hitech Dairy Balancer gebruik. Op daardie stadium was die koeie vir ongeveer ‘n maand op Nolko HPK 32 gewees.

[17] Dr. Ferreira verwys in sy getuienis na ‘n antwoord wat tydens die voorverhoorkonferensie deur hom verstrek is, op ‘n vraag oor wat alles ingemeng was in die mengsel wat vir die beeste gevoer is:

“(a) Suiwel konsentraat – HPK 32 Nolko Bethlehem tot 29 Oktober 2001, ‘Meadow Hitech Dairy Balancer’ van 29 Oktober 2001.

% in volvoer op ‘n 90% droë materiaal basis tussen 12,25% en 20%.

b) Mielies – self verbou tussen 23.3% - 28.6%.

c) eHorminy Chop’ aangekoop van Mnr J Fourie, Lorraine Ladybrand, tussen 5% - 6.1%.

d) Katoenpit ‘Single Delinted’ aangekoop vanaf Nolko Bethlehem en NCD Clocolan, tussen 8.2% - 8.3%.

e) Molasse stroop – Pure Cane Molasses Noordsberg,

tussen 3.3% - 4.1%.

f) Besproeiingslusern – Vaalharts, Jacobsdal, tussen 8.2% - 13.3%.

g) Droë land lusern 'Green Chop' self verbou, tussen 13.3% - 16.3%.

h) Eragrostis – self verbou, tussen 3.3% - 8.2%.

i) Koring strooi – self verbou, tussen 3.3% - 4.1%."

[18] Die bestanddele is deur 'n Keenan 170 voedselverwerker vermeng, wat Dr. Ferreira soos volg beskryf:

"Dit is 'n voerkar wat hy basies het. Hy het 'n groot spaan wat in die rondte draai en dan het hy lemme teen die kante, so al die verskillende bestanddele word oor die lemme gevee deur die spane en hy het 'n skaal, die skaal weeg tot die naaste 5 kilogram. So wat basies gebeur is, afhangende van hoeveel koeie in 'n groep is, werk 'n mens tot die naaste, ek het altyd gewerk die naaste 10 kilogram, werk jy vir hulle die hoeveelheid roumateriaal wat hulle moet insit van die produk of van die ruvoer en dan word alles basies ingemeng en dan maak jy hom met water basies sit jy by om by 'n vogpersentasie van 45% te kom en dan as die hele

> mengproses klaar is en jy is tevrede met die vesel, die lengtes van die veselstukke, dan basies gaan die voerkar en hy het ‘n uitlaai buis en hy laai dan die voer uit in die buitebande wat daarvoor voorsien word of in die krippe waar die koeie eet.”

[19] Botha het vir Dr. Ferreira verduidelik dat hoewel Meadows se Hitech Dairy Balancer ‘n laer proteien-inhoud (28%) het as die Nolko HPK 32 (32%), was dit ‘n vinniger deurvloei proteien, wat vinniger opgeneem word en meer effektief is.

[20] In antwoord op die vraag wat die “bestaande veevoer” was, verstrek Dr. Ferreira by die voorverhoorkonferensie die volgende antwoord:

> gAntwoord: Die enigste verandering in die volvoer wat aan die koeie gevoer is, was dat die suiwelkonsentraat op die **29ste Oktober 2001** vervang is met Meadow Hitech Dairy Balancer in die plek van Nolko HPK 32 (prysverskil R150,00 per ton). Volgens Mnr Frikkie Botha sou die Meadows produk ‘n baie beter produk as Nolko se produk wees en het hy Verweerder verseker dat daar ’n minimum verhoging van 2 liter melk per

koei per dag sou verkry word en dat dit moontlik so hoog as 5 liter per koei per dag kan wees. Al die ander komponente is soos genoem in 1.4 van rantsoene en het dieselfde gebly."

Hoewel Botha gesê het dat die proteien in die Hitech Dairy Balancer 28% was, het die registrasiesertifikate 27% as die minimum aangedui, het Dr. Ferreira getuig.

[21] Toe Meadows se voer op 29 Oktober 2001 op die trust se plaas afgelaai is, was Dr. Ferreira nie daar nie. Hy het die volgende dag na 'n monster daarvan gekyk en gesien dat daar klein swart voorwerpe in was wat hy nie geweet het wat dit is nie. Daar was ook mieliepitte wat 'n dowwe kleur gehad het. Behalwe die vreemde voorwerpe in die konsentraat, was daar ook 'n afname in melkproduksie. Dr. Ferreira verwys na 'n tabel wat hy opgestel het wat die trust se melkproduksie weergee.

**GEMIDDELDE MELKLEWERING LITER/KOEI/DAG**

| KOEIE | PERIODE | LITER | TOTALE | GEMIDD |
|---|---|---|---|---|

| IN MELK | | PER KOEI PER DAG | LITER VIR PERIODE | ELDE LITERS PER DAG |
|---|---|---|---|---|
| 291 | SEPT 1 -30 2001 | 25.00 | 218561 | 7285 |
| 300 | OKT 1 – 29 2001 | 26.30 | 228820 | 7890 |
| 309 | OKT 30 – NOV 12 2001 | 22.40 | 97119 | 6937 |
| 281 | NOV 13 – 30 2001 | 23.30 | 117851 | 6547 |
| 279 | DES 1 – 31 2001 | 21.50 | 185988 | 5999 |
| 286 | JAN 1 – 31 2002 | 19.30 | 171074 | 5518 |
| 311 | FEB 1 – 28 2002 | 18.20 | 158452 | 5659 |
| 298 | MRT 1 – 31 2002 | 16.70 | 153813 | 4961 |
| 295 | APL 1 – 30 2002 | 17.70 | 156932 | 5231 |
| 281 | MEI 1 – 31 2002 | 16.80 | 146686 | 4731 |
| 207 | JUN 1 – 31 2002 | 19.40 | 120544 | 4018 |

[22] Dr. Ferreira het ‘n monster van die voer wat hy self geneem het, wat hy skat op 4 – 5 kg, by sy veeartse op Ladybrand gaan afgee. Hulle het op 5 November 2001 die monster na die Departement Toksikologie by Onderstepoort gestuur. Op die dekbrief is daar ‘n nota gedateer 14 November 2001 “Stuur vir swam ID. Doen asseblief vir my ‘n fosfien bepaling”. In ‘n memorandum van die veeartse gedateer 7 Januarie 2003 sê die veeartse dat Dr. Ferreira die monster op 2 November 2001 vir hulle gegee het. In die memorandum sê die veeartse dat Me. Le Roux van die Departement Plantkunde van Pretoria laat weet het dat daar so ‘n

swaar swambesmetting teenwoordig was dat 'n kwaliteit analise nie moontlik was nie. Die voer was swaar besmet met fusarium moniliforme, gewoonlik 'n aanduiding dat die voer nat geword het en later weer droog. In die memorandum noem die veeartse gevalle waar hulle die trust se koeie behandel het, onder meer die volgende:

1/2001: 8 koeie met chroniese probleme: melkverlies en swak konsepsie.

2/2001: 3 koeie endometritis, 7 melkverlies.

8/2001: kudde besoek: konsepsie probleme.

10/2001: galsiekte, omloop.

[23] Dr. Ferreira getuig dat van Februarie 2002 was daar 'n verhoogde insidensie van vrektes. Die meeste vrektes het tydens April en Mei voorgekom.

[24] Teen 12 November 2001 was die laaste van die Hi-Tech Dairy Balancer van Meadows klaar gebruik.

[25] Daarna het Dr. Ferreira weer teruggekeer na

Nolko/Nutrifeed, maar na onderhandelinge het hy op 17 Januarie 2002 Meadows se Multilak 21 gekry en daarna vier vragte Multilak 23.

[26] Die voer wat deur die trust gebruik is was die volgende:

| DATUM | BESENDING | NAAM | LEWERANSIER |
|---|---|---|---|
| voor 29/10/2001 | | Nolko HPK 230 | Nolko |
| 29/10/2001 | 1ste | Hi-Tech Dairy Balancer | Meadows |
| Na 12/11/2001 | 3 besendings | | Weer na Nolko/ Nutrifeed |
| 17/01/2002 | 2de | Multilak 21 | Meadows |
| 31/01/2002 | 3de | Multilak 23 | Meadows |
| 9/02/2002 | 4de | Multilak 23 | Meadows |
| 13/02/2002 | 5de | Multilak 23 | Meadows |
| 7/03/2002 | 6de | Multilak 23 | Meadows |

[27] In Maart 2002 het Dr. Ferreira vir Dr. Marwick, ‘n veearts van Clocolan betrek. Dr. Marwick was vir die eerste keer op die trust se plaas op 13 of 14 Maart 2002. Hy het die kudde ondersoek en ‘n monster van die Multilak

23 vir ontleding na Onderstepoort gestuur. Hy het ook lewerbiopsies op 5 beeste laat doen.

[28] Dr. Ferreira sê hy moet in effek sy hele melkkudde vervang. Van sy kudde van 434 op 29 Oktober 2001 is daar nou net 68 oor van die diere wat blootgestel was aan Meadows se produkte. Dr. Ferreira bereken die trust se skade vanaf 30 November 2001 tot 13 November 2003, welke datum hy gebruik as afsnypunt om sy vordering te kwantifiseer. In sy berekening hou hy voerkoste en oorhoofse koste konstant.

[29] In kruisondervraging word Dr. Ferreira gevra of daar probleme met die Multilak 21 en 23 voer was. Hy sê daar was ook erge swambesmetting in die sesde vrag (die laaste vrag). Daar was geen monsters van die 2de tot 5de vragte deur Dr. Ferreira geneem nie. Dit word aan Dr. Ferreira gestel dat bloedmeel nie op die verbanne lys produkte vir veervoer is nie, ook dat bloedmeel 'n aanvaarbare proteïenbron is, waarmee hy

nie kan stry nie.

[30] Wanneer Dr. Ferreira gevra word of daar enige bewys is dat karkasmeel in Meadows se voer was, sê hy dat Prof. Naude daaroor sal getuig. (Prof. Naude is nie oor karkasmeel gevra en het nie daaroor getuig nie).

[31] In kruisondervraging wys Dr. Ferreira uit dat daar rede tot kommer is as karkasmeel in veevoer gebruik word. Bloedmeel is egter nie 'n verbode produk nie. Aan die einde van die saak was dit aanvaar dat die "swart klippies" oorgeprosesseerde maar skadelose bloedmeel was, maar in Dr. Ferreira se kruisondervaging word 'n brief wat hy geskryf het, waaruit dit blyk dat sy bekommernis grootlik oor die gebruik van karkasmeel gegaan het, gebruik.

[32] In kruisondervraging word Dr. Ferreira gevra waarom die melkproduksiesyfers vir voor 1 September 2001 nie gegee word nie. Hy sê hy was net gevra om die syfers

vir twee maande voor die insident te gee. Uit sy antwoorde blyk dat die gemiddeld vir Oktobter 2002, 4 272 liter per dag was. Die gemiddeld vir Maart 2003, was 2 592 liter per dag. Dit word aan hom gestel dat vanaf Oktober 2002 tot Maart 2003 daar 'n daling van 40% was, 'n jaar nadat Meadows se gewraakte vrag afgelaai is. Dr. Ferreira antwoord dat hulle op daardie stadium 'n klomp van die koeie geslag en verkoop het, dus was daar baie minder koeie in melk. Die statistieke op Bewysstuk B24A dui nie aan hoeveel koeie in melk was nie. Dit spreek natuurlik vanself dat as minder koeie gemelk word die melkproduksie waarskynlik minder sal wees. Deur te steun op 'n mindere melkproduksie omdat daar minder koeie was lyk nie reg nie.

[33] Dr. Ferreira word verwys na die totale melkproduksie vir Augustus 2001 teenoor September 2001. (Dus voordat Meadows se voer op 29 Oktober 2001 gelewer is.) Augustus 2001 was 23 860,37, September 2001 was

218 561,62. Dit verteenwoordig ‘n afname in een maand van 20 000 liter wat niks te doen gehad het met Meadows se voer nie. Dit word dan aan hom gestel:

> “Dit hang af hoeveel koeie is in melk, dit hang af wat die stresfaktore is, dit hang af hoe gewoond hulle is, soos wat u gesê het, dit hang af of hulle in fases van aanpassing, is dit reg?”

En hy antwoord:

> “Dit is reg”.

[34] Nadat aan hom uitgewys is dat die melkproduksiesyfer van 3 Oktober 2001, 2 095 liter minder was as dié van 2 Oktober 2001 gee Dr. Ferreira toe dat mens met baie groot versigtigheid te werk moet gaan wanneer jy na hierdie syfers kyk.

[35] Wanneer hy gevra word waarom hy sy berekening gemaak het vanaf 11 Oktober tot 29 Oktober 2001, sê hy hy het dit gedoen “om ‘n idee te kry, dit was wat op die blaai ingepas het anders moes ek basies ‘n ander bladsy gevat het om die grafiek .....”.

[36] Dit word aan Dr. Ferreira gestel dat ‘n betroubare grafiek nie net elf dae voor die gewraakte datum syfers sou gee nie. Hierop antwoord Dr. Ferreira dat die boerdery heeltyd in ‘n groeifase was, en dit baie moeilik sou wees om vorige jare se syfers te neem.

[37] Dit word aan Dr. Ferreira gestel dat hy in hoof getuig het oor geselekteerde koeie, waarop hy sê ja, die koeie wat ‘n kwaai val getoon het. Verskeie koeie word dan uitgewys wat na Meadows se voer beter gedoen het. Dr. Ferreira sê ‘n mens kan nie die grafiek plaas per koei nie, jy moet praat van die gemiddeld van al die koeie in melk. Dit kom nie vreemd voor dat die totale melkproduksie van 207 koeie minder sal wees as die van 291 koeie nie. Neem mens nou die tabel op B24 dan sien mens dat in September 2001 was daar 291 koeie wat 7 275 liter melk geproduseer het. In Junie 2002 was daar 207 koeie wat 4 018 liter geproduseer het. Dit is ‘n eenvoudige matematiese berekening om te

sê as 207 koeie 4 018 liter produseer sou op dieselfde datum dan 291 koeie 5 600 liter produseer. Dit verteenwoordig ‘n daling van 1 700 teenoor die daling van 3 300 wat Dr. Ferreira se tabel op B24 aantoon.

[38] Die argument is, omdat daar minder melk was, was daar ‘n probleem. Maar daar was minder koeie. Dan sê Dr. Ferreira, ja, daar was minder koeie as gevolg van die probleem. Dan weet ‘n mens nog nie wat die probleem veroorsaak het nie. Die kyk na melkproduksie help dus weinig in die oplossing van die huidige probleem.

[39] Met verwysing na Dr. Ferreira se getuienis dat hy in Oktober 2001 42% bydrae gelewer het tot die konsortiumpie, waaraan hy gelewer het, se melkproduksie en in Maart 2002 net 20%, word sy aandag daarop gevestig dat dit natuurlik sal afhang van hoeveel die ander mense melk en hoeveel hulle gelewer het en hy stem daarmee saam. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit ‘n niksseggende vergelyking is, sê hy “Dit was slegs ‘n aanduiding gewees”. (bladsy 809)

[40] Dr. Ferreira word gevra oor die veeartse se besoeke op die plaas, naamlik dat die veeartse ‘n aantal kere gedurende 2001 daar was. Die ondervraging lees soos volg:

> "Dan Oktober 2001, galsiek en omloop. Was dit voor of was dit na 29 Oktober? --- Dit was voor 29 Oktober.

Wat wel opvallend is is dat vir die periode November, Desember en Januarie, die drie maande onmiddellik nadat Meadow se voer gebruik is, was daar geen nodigheid vir 'n veearts om op die plaas te wees nie."

en later:

> "Maar tog was hulle nie op die plaas nie. Die eerste keer wanneer daar 'n veearts op die plaas was is toe Dr. Marwick het daar aangekom in Maart, is ek reg? --- Ja, Dr. Marwick het op 13 Maart daar aangekom.

In Februarie het ons drie gevalle, dit is galsiek, dit is been en dit is distrofie, is dit reg? --- Dit is korrek."

[41] Wanneer aan Dr. Ferreira gestel word dat sy bestuurder, Vermaak, sal getuig dat die voerkrippe nie altyd skoongemaak is nie, sê Dr. Ferreira dat dit Vermaak se werk was:

> gEk mag vergeet het om dit vir u te noem, hy sal ook getuig dat wat die krippe betref dit nie altyd skoongemaak is nie. --- Dit was een van sy pligte, so as hy sê dit is nie altyd skoongemaak nie, dan was dit hy wat nie sy werk ordentlik gedoen het nie. Ek het om nie elke dag opgecheck om te kyk of die krippe skoon is nie."

[42] Oor die vrektes getuig Dr. Ferreira dat die deskundiges die latere vrektes aan chroniese mikrotoksikose wat aanleiding gegee het tot immuun-onderdrukking toeskryf. Wat die eerste vrektes betref getuig Dr. Ferreira dat dit normaal is in 'n melkery van daardie grootte dat hy koeie gaan verloor. Wat die eerste klomp vrektes betref sê Dr. Ferreira dat dit iets in die voer mag gewees het "ek weet nie wat bygedra het. Ek kan vandag ongelukkig nie definitief sê dit was as gevolg van dit nie."

Die volgende blyk ook:

> gMaar dan moet u een aspek verduidelik. As u eie deskundiges sê die eerste vrektes was te vroeg om Meadow se skuld te wees, waarom eis u van Meadow vir daardie beeste se vrektes? --- Omdat daar kon iets anders in die konsentraat gewees het wat aanleiding gegee het dat hulle gevrek het."

[43] Dr. Ferreira eis vir 51 koeie wat gevrek het. Hy erken dat hy nie kan bevestig dat die eerste vrektes as gevolg van Meadows se voer was nie, en antwoord:

> "Ek kan nie bevestig dat die eerste was as gevolg van Meadows se voer nie."

en verder:

> "Soos ek sê ek kan nie sê hoeveel presies as gevolg van die swamme gevrek het en hoeveel moontlik oor ander redes gevrek het nie."

[44] Betreffende die 315 koeie wat hy in die teeneis sê die trust moes verkoop, gee Dr. Ferreira toe dat party in elk geval as gevolg van die uitskotprogram verkoop sou word; van hulle was ouer diere. Dr. Ferreira gee toe dat hy nie al 315 sou gehou het nie, en sê die deskundiges sal meer daaroor kan getuig. Dit word aan Dr. Ferreira gestel dat volgens sy teeneis hy in sekere gevalle 'n koei wil vervang met 'n R7 000,00 dragtige koei. Hy stry nie hiermee nie.

[45] Dr. Ferreira word verwys na die deel van sy teeneis vir 68 koeie wat nie meer as melkkoeie bemark kan word

nie. Dit is onmoontlik vir hom om te sê watter van hierdie koeie as gevolg van die uitskotprogram in die slag sou bly.

[46] Met verwysing na die aborsies en resorpsies gee Dr. Ferreira toe dat daar in elke geval aborsies en resorpsies sou wees.

[47] Dr. Ferreira bevestig dat hy die 10 dae voor 29 Oktober 2001 gebruik om te dien as basis vir berekening van sy verlies oor twee jaar. Sy aandag word daarop gevestig dat Oktober jaarliks die beste maand is vir melkproduksie. Dit word aan hom gestel dat hy die 10 beste dae van die beste maand gebruik om sy eis gereken. Dr. Ferreira weier om ‘n toegewing te maak dat dit so is en sê dat die kudde in ‘n groeifase was.

[48] Wat verskillende voere betref erken Dr. Ferreira dat daar drie veranderinge was in die voer, dit was vier produkte tussen September 2001 en November 2001.

[49] Dit word aan Dr. Ferreira gestel dat die teeneis 'n eis is vir verlies aan inkomste, nie 'n eis van verlies aan wins nie. Voerkoste word nie in ag geneem nie dit word geag dieselfde gebly het.

[50] Dr. Ferreira sê "daar was moontlik ook fout" met vragte twee tot vyf van Meadows. Hy sê "ons weet net daar was iets fout met die bloedmeel".

**CHRISTOF MARAIS**

[51] Mnr. Christof Marais was in Oktober 2001 die algemene bestuurder van Meadows voere in Welkom. Meadows voere is 'n afdeling van Astral Operations Beperk. Marais was verantwoordelik vir die fabriek van vervaardiging af tot by verkoop. Dr. Ferreira was een van die groter melkboere in die Ladybrand omgewing. Marais het geweet as hulle die groter boere as kliënte kry, volg die kleiner boere. Die verkope van Meadows

was betreklik laag op daardie stadium, en Marais wou graag sy verkope verhoog.

**FRIKKIE BOTHA**

[52] Frikkie Botha het getuig dat hy in Oktober 2001 'n tegniese adviseur by Meadows was. Hy het 'n B.Sc Landbou Honeurs graad. In Oktober 2001 het Botha vir Dr. Ferreira besoek in verband met Meadows produkte. Dr. Ferreira het 'n konsentraat gesoek om die proteïene bron van sy veevoer aan te vul. Botha beveel toe Meadows se Hitech Dairy Balancer aan. Botha het vertroue in hierdie produk gehad vanweë die welslae wat in die verlede daarmee behaal is. Botha het vir Dr. Ferreira gesê dat hy 'n produksiestyging van melklewering van twee tot drie liter per dag per koei kon verwag. Die trust het toe op 24 Oktober 2001 'n vrag Hitech Dairy Balancer bestel. Dit is voorberei en op 29 Oktober 2001 gelewer. 18 Ton is bestel, die volume wat by die weegbrug geweeg is was 18,920kg.

[53] Nadat die vrag afgelewer is, was Botha nuuskierig om uit te vind hoe dit gaan. So dag of twee nadat die vrag afgelaai is het hy vir Dr. Ferreira geskakel om te hoor hoe dit gaan, en Dr. Ferreira se eerste woorde was dat hy dit nog nie begin gebruik het nie. Daarna het Botha hom weer gekontak, en toe sê Dr. Ferreira dat hy nie tevrede is nie en dat hy 'n produksieverlies gehad het. Botha maak toe onmiddellik 'n afspraak en gaan plaas toe. Dr. Ferreira het gesê dat daar snaakse voorwerpe in die voer was. Dr. Ferreira het hom 'n vuurhoutjieboksie gewys wat klein swart klippies ingehad het tussen die voer. Botha wou die voer sien en Dr. Ferreira het hom gaan wys. Botha neem toe self 'n monster in 'n standaard plastieksakkie wat hulle normaalweg gebruik het om monsters te neem, ongeveer 1½kg groot. Dit was 'n ewe kansige monster. Hy het op meer as een plek in die hoop soos dit in die skuur gelê het 'n monster geneem en in die sakkie geplaas. Botha het van die plaas af vir sy hoof by Meadows, Marais geskakel en gesê hy hou nie van wat

hy in die voer sien nie. Hy het ook vir Marais gesê dat Dr. Ferreira se melkproduksie gedaal het. Botha het vir Dr. Ferreira gesê dat as hy nie van die produk hou nie, is hy welkom om dit terug te stuur (hoewel hy geweet het dit is totaal onprakties). Hy het vir Dr. Ferreira gesê hy kan voortgaan om die produk te gebruik.

[54] Betreffende die vraag oor wat presies aan Dr. Ferreira gesê is oor verdere gebruik van die besending voer, verskil die getuienis. Marais sê hy het vir Botha gesê dit is die gebruik dat in so 'n geval 'n kliënt onmiddellik moet ophou om die voer vir die beeste te gee totdat Meadows uitsluitsel gekry het oor wat met die voer fout is. Marais sê hy het vir Botha gesê dat hulle onmiddellik moet stop om die voer te gebruik. Botha sê dat Marais nie gesê het Dr. Ferreira moet ophou voer nie. Hy sê dat hy en Dr. Ferreira saam besluit het dat Dr. Ferreira sou voortgaan om die voer te gebruik. Dr. Ferreira sê dat niemand vir hom gesê het om op te hou om die voer te gebruik nie.

[55] Daardie monster is weggestuur vir analise na Meadows se laboratorium te Pietermaritzburg. Dit is getoets vir proteïenwaardes en derglike en hoewel gevind is dat die proteïene ietwat laag is, was dit nie onder spefikasies van die geregistreerde hoeveelheid nie. Wat die swart klippies in die voer betref, is later vasgestel dat dit oorgeprosesseerde bloedmeel was en teen die einde van die saak het die trust nie aangevoer dat dit enige nadelige uitwerking gehad het wat die probleem-sindroom op die plaas sou veroorsaak nie.

[56] Nadat hierdie vrag afgelewer is, is dit binne 'n tydperk van ongeveer veertien dae gebruik. Dr. Ferreira was nie tevrede met die produk nie en het toe oorgeskakel na 'n ander veevoermaatskappy en het toe 'n vrag van Nolko se voer gekry en gebruik. Daarna is hy weer oorreed om ander produkte te gebruik van die eiser naamlik Multilak 21 en Multilak 23. Hy het in totaal 5 besendings daarvan gekry en die laaste besending was op 7 Maart

2002 aan hom gelewer. Dr. Ferreira het geweier om vir enige van die besendings te betaal selfs nadat verlaging van prys deur Marais aangebied was. Meadows het toe dagvaarding uitgereik vir betaling en die trust het sy teeneis ingestel vir skade wat aan die kudde veroorsaak is.

**FRANS VERMAAK**

[57] Frans Vermaak was gedurende Oktober 2001 die trust se plaasbestuurder wat vir Dr. Ferreira gewerk het. Hy getuig dat voer soms suur geword het en hy sê ook dat daar nie 'n dak oor die voerbak was nie. Daar was siektes en vrektes op die plaas voordat hy daar gekom het en deurentyd het diere maar doodgegaan soos wat in 'n kudde gebeur. Hy sê die siektes wat die meeste voorgekom het was galsiekte en daar was 'n paar gevalle van rooiwater.

[58] 'n Groot gedeelte van die kruisondervraging van

Vermaak het daaroor gegaan om aan te toon dat hy op ‘n dag eenvoudig weggeloop het van die plaas af vanweë sy ongenoeë met Dr. Ferreira se bestuurstyl. Dit het hy ruiterlik erken, ook dat hy homself eenvouding na ‘n paar dae in Sasolburg bevind het. Hy het soontoe gestap van die plaas naby Ladybrand. Dit is duidelik dat mens getuienis versigtig moet benader en dat hy vyandig gesind is teenoor Dr. Ferreira. Hy getuig egter oor feite. Hy was die bestuurder op die plaas, hy was in beheer, hy het sekere dinge gesien. Toe aan Dr. Ferreira gestel is dat die voerbakke nie skoon was nie het Dr. Ferreira gesê, wel, dit was Vermaak se werk om te sorg dat hulle skoon is. Dus is daardie getuienis nie ontken nie so mens weet dus dat higiëne nie 100% was nie. Verder was hy die persoon wat teenwoordig was toe die voer op 29 Oktober 2001 afgelewer was. Hy het getuig dat op die stadium toe die voer daar opgedaag het op die 29 Oktober 2001 was daar nog steeds van Nolko se voer in die voermenger en die voer was nie op die dag van die 29ste gebruik nie en dit kon op die

vroegste eers gebruik word op die volgende dag, dit is die 30ste of 31ste Oktober.

**DESKUNDIGES**

[59] Verskeie deskundiges het getuig. Namens die trust het getuig:

Prof. T. Naude (Veterinêre Toksikoloog);
Dr. Fred Reyers (Veterinêre patoloog);
Dr. Clive Marwick (Veearts);
Mnr. D. Strauss (Geoktroieerde Rekenmeester).

Namens Meadows het getuig:

Dr. Hendriks (Veearts en boer);
Prof. L Prozesky (Anatomiese patoloog).

**DIE VERGADERING VAN DESKUNDIGES**

[60] Die deskundiges het op 20 Oktober 2004 ‘n vergadering gehou en die notule van daardie vergadering is deel van die hofstukke. Op die vergadering van die deskundiges kon hulle nie op ‘n diagnose vir die oorsaak van die sindroom ooreenkom nie en het hulle verskeie

differensieel diagnoses oorweeg:

1. Mineraaltekorte/wanbalans wat die volgende elemente kan insluit: koper, mangaan, sink en selenium

2. Spoorelement wanbalans wat aanleiding kon gee tot immuniteitsgebreksindroom

3. Gossipol vergiftiging

4. Siektes deur ingekoopte diere ingebring

5. Stresvlakke van die diere en omgewingsfaktore
6. Lewerslakbesmetting
7. Verdagte toksiese kontaminant in molasses
8. Voer.

[61] Volgens die trust se getuies is die waarskynlike oorsaak Meadows se veevoer. Volgens Meadows se getuies is al sewe die eerste differensieel diagnoses moontlike oorsake.

[62] Die Notule van die vergadering van Deskundiges vermeld oor die voer die volgende:

"11 Die Voer (Sien 3.8 hierbo)

11.1 Indien dit veronderstel word dat die verweerder inderdaad ‘n verlaging in sy kudde se melkproduksie ervaar het, kan dit bewys word dat ‘n swambesmetting die oorsaak hiervan was?

**Kommentaar**

Daar is ooreengekom dat volgens die dokumente tot almal se beskikking, daar wel swambesmetting, insluitende toksigene swamme, in die voer teenwoordig was, wat dan ook geïsoleer is. Verder dat daar ook gifstowwe van swam-oorsprong teenwoordig was.

Die getuies vir die eiser was egter van mening dat die konsentrasies van die swamme geïsoleer asook die konsentrasie van die toksienes geïsoleer nie wesenlik was nie. (Meer inligting insake die swamme wat geïsoleer is asook die konsentrasie van die toksienes wat geïdentifiseer is word onder punt 11.4 bespreek.)

Prof. Naude meld dat volgens die inligting tot almal se beskikking, die voer vandat dit geproduseer is totdat dit op die plaas afgelaai is, ‘n toename van ongeveer 988kg getoon het, wat moontlik toegeskryf kan word aan ‘n toename in vog, wat bevorderlik kon wees vir swamgroei.

Daar is ooreengekom dat die kollektering van die grypmonster nie voldoende was om die voer as moontlike oorsaak van die probleem bo twyfel te identifiseer nie. Slegs ongeveer 2,5 kilogram voer is op een plek deur die verweerder gekollekteer. Volgens die literatuur sou ten minste 9 monsters van 2,5 kilogram, wat op verskillende plekke gekollekteer is, benodig gewees

het.
Volgens die dokumentasie tot die groep se beskikking word daar beweer dat verslae oor 'n verdere grypmonster, wat deur die leweransier se verteenwoordiger geneem was, nie beskikbaar gestel is nie (Sien ook 12, hieronder).

11.2 Kan dit aanvaar word dat indien die rantsoen van melkkoeie verander word, daar 'n aanpassingsperiode van ongeveer 10-14 dae sal wees en dat daar gedurende hierdie tyd 'n verlaging in melkproduksie moontlik is?

**Kommentaar**

Daar is ooreengekom dat daar wel 'n aanpassingsperiode is en dat daar gedurende hierdie tyd 'n verlaging in melkproduksie kan wees.

Dr Marwick was egter van mening dat die mate van verlaging in produksie by in-gebruik-name van die besending, buitensporig groot was in die 14 dae wat hul daarmee gevoer was en daarna, glad nie herstel het nie.
Dr Hendriks stem nie hiermee saam nie en sê dat dit wel moontlik is vir 'n aanpassingsperiode van tot 14 dae.

11.3 Is dieselfde analises wat op die voer van die eiser gedoen is ook op die komponente van die voer gedoen wat deur die verweerder self voorsien is?

**Kommentaar**

Daar is ooreengekom dat daar geen ontledings gedoen is op enige van die komponente van die voer wat deur die verweerder self voorsien is nie wat dan ook die grootste

persentasie van die rantsoen uitgemaak het (ongeveer 80%).

11.4 Is daar enige bewyse dat Fumonosin in voer teen 0.24 dpm toksies is vir beeste?

**Kommentaar**

Daar is ooreengekom dat Fumonosin teen 'n konsentrasie soos waargeneem in die voer (0.25 dpm) nie toksies is nie en dat daar geen melding in die literatuur gemaak word van 'n sindroom wat geassosieer word met Fumonosin wat vergelyk kan word met wat waargeneem is op die plaas van die verweerder nie.

Daar bestaan, egter, geen data oor die effek van Fumonosin in melkbeeste nie.
Daar is wel bewyse van vergiftiging van perde en varke (waar lewerskade gerapporteer word) asook in voerkraal kalwers wat serum ensiem stygings en geringe lewerskade getoon het met blootstelling aan baie hoë vlakke Fumonosin (Sien Osweiler verwysing in Prof. Naude en Prof. Prozesky se verslag.)

Daar is ooreengekom dat niks wat uit die grypmonster van die voer geïsoleer is, in 'n genoegsame konsentrasie teenwoordig was, om die sindroom te veroorsaak soos waargeneem op die plaas van die verweerder.

Prof Naude het genoem dat die veroorsakende swam, sowel as die gifstof (Fumonosin) in die grypmonster teenwoordig was en dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat daar wel hoër konsentrasies in ander dele (as die grypmonster) van die voer besending teenwoordig kon gewees het.
Prof. Prozesky en Dr Joubert het gemeld dat *F. monoliforme* 'n baie algemene komponent van mielies is en die teenwoordigheid van die swam en die toksien

(Fumonosin) nie noodwendig skadelik is nie.

12 (12.1 en 12.2 van die agenda) Voorbereiding en hantering van die voer en retensie en ontleding van monsters deur die leweransier.

**Kommentaar**

Daar is ooreengekom dat, volgens die dokumentasie tot almal se beskikking, dit blyk dat daar nalatigheid was aan die kant van die eiser met betrekking tot die kollektering van die voermonsters asook die terugrapportering van resultate, nakoming van redelike prosedures mbt kwaliteitskontrole in die produksie van die voer besending asook die proses wat gevolg is nadat die verweerder die probleem by die eiser aangemeld het."

## RETENSIEMONSTERS

[63] Met verwysing na hierdie laaste kommentaar betreffende mons ters, kan die volgende vermeld word: Meadows het retensiemonsters behou van die laaste 4 vragte. Marais het getuig dat retensiemonsters

slegs vir 3 maande behou word tensy daar 'n spesiale rede is. Wat die besending Hitech Dairy Balancer van 29 Oktober 2001 betref, was die geskil rondom betaling daarvaan opgelos in Januarie 2002. Dus sou die retensiemonster in die gewone loop van sake op 29 Januarie 2002 vernietig word. Daar was geen rede op 29 Januarie 2002 om die monster te behou nie. Dr. Ferreira het eers in Februarie/Maart, toe hy 'n vertroulike verslag van Frikkie Botha gesien het, verdere stappe geneem.

[64] Dit lyk nie of daar enigiets sinistêr is aan die gebrek van retensiemonsters nie.

**DESKUNDIGE GETUIES**

**PROF. NAUDE**

[65] Prof Naude is 'n veterinêre spesialis Toksikoloog. Hy is 'n professor emeritus wat tans in privaat praktyk is. Hy was vir omtrent 50 jaar in die akademie en is 'n uitgelese

deskundige op sy vakgebied.

Hy het getuig oor wat Dr. Ferreira hom meegedeel het, ook dat Dr. Ferreira 'n klein monster van ongeveer 2kg van die eerste besending voer van Meadows geneem het van die hoop voer in sy voerstoor wat hy aan sy veeartspraktyk (destyds Drr De Vos en Van Hasselt) gegee het en gevra het om te ondersoek weens die ongewone voorkoms en korrels wat dit bevat het.

In sy deskundige verslag vermeld Prof. Naude dat daar direk 'n progressiewe daling in melkproduksie was, met verwysing na die melkrekordsverslag wat hy van Dr. Ferreira ontvang het.

> gWeens die swak produksie het Dr. Ferreira hierna oorgeslaan na ander firmas se kragvoer (Nutrifeed en Norco) vir drie besendings en na versekering van Meadow dat hulle hom sou kompenseer vir sy verlies in produksie, 'n verdere vyf besendings van Meadow se Multilac 21 (en later Multilac 23) kragvoer (gemerk M-II tot VI) van hulle verkry. Die laaste besending van Meadow (M-VI), is op

7 Maart 2002 gelewer en monsters daarvan is ook deur Dr. Marwick versend vir toksikologiese en mikologiese analise.

Vanaf die voer van die eerste versending van Meadow, M-1 het die melkproduksie egter progressief verder bly val (verwys weereens na Dr. Marwick se verslag) en die koeie se kondisie het ook progressief drasties agteruit gegaan, vrugbaarheidsprobleme met aborsies (sowat 50) en resorbsies (90) (verwys weereens na Dr. Marwick se verslag) het voorgekom. Skynbare immuunonderdrukking gekenmerk deur dikwels fatale aanvalle van bosluissiektes (waarteen die koeie waarheen 'n stabiele enzootiese immuniteit gehad het) sowel as erge vrotpootjie, mastitis en longontsteking, ten spyte van voldoende higiëne, het voorgekom. (Hierdie immuun-onderdrukking sindroom is korrek deur Dr. Ferreira beskryf as soortgelyk aan VIGS van die mens, waarop hy besonder kundig is). Na staking van die voer van Meadow, het uiteindelik 37 koeie oor 8 maande vanaf die eerste besending M-1 gevrek en moes hy 180 laat slag van Mei tot Augustus 2002 omdat hul onproduktief was en maer gebly het ten spyte van nou goeie voeding (sien weereens Dr. Marwick verslag).

Mikotoksikose is as die mees waarskynlike oorsaak van die sindroom vermoed en het blykbaar veral verband gehou met die eerste besending Meadow voer, M-1."

Prof. Naude verwys na monsters wat geneem is en toetse wat gedoen is. Sy gevolgtrekking is:

> gDiagnose van kroniese mikotoksien vergiftiging, moontlik te wyte aan fumonisin en/of ander ongeïdentifiseerde fungus toksiene, word dus as die mees waarskynlike primêre oorsaak van die vergiftiging gemaak."

Prof. Naude getuig ook dat daar gedurig nuwe mikotoksienes ontdek word.

> gSal u net vir ons kommentaar daarop gee? --- Nee, die regte, ons ontdek jaarliks nuwe mikotoksiene. Dit is 'n oop veld, dit is 'n baie komplekse veld, dit is baie gekompliseerde molekules en daar word gedurig nuwe mikotoksiene ontdek en dit is nie onmoontlik dat ons in hierdie geval met 'n unieke mikotoksiene, wat nog nie tevore ontdek is nie, te doen gehad het en hierdie mikotoksiene het invloed op mekaar. Die een, hulle kan òf additief met mekaar wees met hulle aksie òf hulle kan self-sinergisties wees dat die een die ander se werking versterk en dit is alles moontlikhede wat hier kon plaasgevind het."

Prof. Naude getuig dan, met verwysing na die vergadering van deskundiges, na die differensieel diagnoses. Hy skakel molasse uit as probleem omdat daar lewerbeskading was en omdat daar 'n eensklapse skielike verlies in melkproduksie was; ook omdat die molasse sindroom hom manifesteer eerstens deur swak groei van kalwers. Hy sê ook dat "lewerslakbesmetting kan onmoontlik nie die sindroom verwek wat ons gesien het nie".

In kruisondervraging gee Prof. Naude toe dat daar in geen monster wat van Meadows se voer geneem is vlakke van besmetting was wat toksies van aard was nie. Hy word ook gevra:

> "U kan nie vandag vir hierdie hof sê dat Meadows se produk toksies was nie.
>
> --- Ek kan nie."

en verder:

gWat u vandag sê, is u kan nie sê dat Meadow se produk Dr. Ferreira se probleme veroorsaak het nie. --- Ons het nie bewys wat die oorsaak sou gewees het nie. Ons het net omstandigheidsgetuienis dat van die tyd wat die produk gevoer is, daar ernstige probleme in sy kudde voorgekom het.
Ja, daardie getuienis het u nie eerstehandse kennis oor nie, dit is afleidings wat u gemaak het uit wat Dr. Ferreira sê. --- Korrek."

Hy sê by die afsluiting van sy getuienis:

> "U kan nie vandag vir die Hof sê dat die voer die probleem veroorsaak het nie. --- Ek kan nie sê nie, ek kan net sê ek vermoed dit het."

Uit die getuienis van Prof. Naude blyk dus dat hy hoofsaaklik op grond van die inligting wat hy van Dr. Ferreira ontvang het, tesame met die mediese tekens wat hy gesien het, vermoed hy dat die voer die probleem veroorsaak het.

**DR. MARWICK**

[66] Dr. Marwick is 'n veearts wat praktiseer te Clocolan. Hy is eksterne eksaminator te Pretoria in dieregesondheid en reproduksie. Hy bied dwarsdeur Suid-Afrika lesings

aan oor kuddegesondheid en besoek melkkuddes op ‘n gereëlde basis in die Oos-Kaap, Vrystaat, Mpumalanga en Zimbabwe.

[67] Dr. Marwick het op 14 Maart 2004 die trust se plaas besoek en ondersoek ingestel na die kudde. Hy het deur die rekords gegaan en gevind dat “by 30 Oktober 2001 was daar onmiddellik ‘n verlies van ‘n 1 000 liter melk”.

[68] Met verwysing na die ontleding van die monster wat Dr. Ferreira van die eerste vrag voer van Meadows geneem het sê Dr. Marwick dat hy uit die verslag gemerk het dat die monsters swaar besmet was met Fusarium Moniliforme. Dit was vir hom ‘n bekommernis, want by normale ontledings tel mens net enkele groeisels op die uitplating van hierdie swamme.

[69] Dr. Ferreira het hom meegedeel dat gereëlde mismonsters deur die plaaslike veearts ontleed word, en

het lae tellings of negatief getoets vir die teenwoordigheid van lewerslak, Rondewurm en Haarwurm.

[70] Dr. Marwick het gevind dat die koeie wat opgedroog was en dus nie dieselfde blootstelling aan die verdagte voer gehad het nie, in ‘n baie beter en meer ideale toestand voorgekom het.

[71] Dr. Marwick het die aborsies – ongeveer 33,3% - baie hoog gevind. Hy sê dit behoort nie meer as 2% te wees nie.

[72] Dr. Marwick se finale diagnose was dat die probleem op die plaas “’n verdagte kroniese mikotoksien vergiftiging kon gewees het”.

[73] Dr. Marwick behandel die notule van die deskundiges, en skakel die eerste sewe differensieel diagnoses uit, en oor Meadows se voer getuig hy dan:

gGoed, die laaste geval, voer? --- Dit is deur die eliminasie proses. Ons het nog gekyk daarna en met die verskillende informasie wat ek wel ingewin het toe ek die ondersoek begin het en die feit dat daar wel met die rekords gewys het dat daar wel 'n geweldige oorgroeiing van jou swamme was in die voer. Die feit dat hulle wel Fumonosin geïsoleer het, wel teen 'n vreeslike lae vlak, dit bekommer my onmiddellik, want geen voer, as hy 'n swambesmetting het, is nie net een swam nie, daar is derduisende swamme wat daar teenwoordig is. As hulle vir my sê dit is 'n geweldige oorgroeiing van die monster, dan begin ek dink ons het Fumonosin toksien wel opgetel, maar daar kan van die ander swamme wees wat ook toksiene veroorsaak. Hulle noem ook altyd ja dat jou toksiese vlak van 'n swam sê 100 of 150 dele per miljoen is en dat hierdie vlakke wat ons hierso kry, te laag is, maar dit is nie hoe dit in die natuur werk nie, dit is hoe dit in die laboratorium werk. Die natuur kan enige van hierdie produkte swamme, toksiene produseer en dan is dit 'n collective effek wat dit op die koei het of om haar van kos af te haal of skade aan die lewer te doen of wat ook al die situasie is wat ons gesien het wat daardie koeie glad nie herstel nie – dit maak nie saak wat ons probeer nie. Dus uit al hierdie punte sou ek sê die voer moes nommer 1 gewees het en nie nommer 8 nie."

[74] In kruisondervraging word aan Dr. Marwick uitgewys dat 'n hele aantal van die uitgawes vir veeartsonkoste waarvoor eiser eis, nie te doen gehad het met siek diere wat behandel is nie maar dat dit ook entstowwe en 'n geval van 'n vergroeiing aan 'n oog van 'n koei ingesluit het wat niks te doen gehad met Meadows se voer nie. Hy weet nie watter koeie behandel is nie en blootgestel was aan Meadows se voer nie.

[75] Mnr. Coetsee wat vir Meadows verskyn het beklemtoon dat Dr. Marwick vanaf Julie 2001 tot Maart 2002 nie op die plaas was nie. Mnr. Coetsee sê Dr. Marwick se opinie is op afleidings gebaseer van inligting wat Dr. Ferreira hom gegee het. Mnr. Coetsee kritiseer Dr. Marwick ook vir sy bereidwilligheid om stellings sonder basis te maak veral met betrekking quantum. In kruisondervraging is aan Dr. Marwick uitgewys is dat al die uitgawes waarvoor Dr. Ferreira eis as mediese uitgawes van Dr. Marwick nie regverdigbaar is nie. In herondervraging sê hy dat in die omgewing van 25%

van die uitgawes vir medikasie en veeartse nie verband hou met die eiser se voer nie. Wat diagnostiese en konsultasiewerk betref is daar omtrent 10% ander tipe werk gedoen. Hy sê dat wat die ondersteunende medisyne betref, “so ‘n derde van daardie fakture is nie noodwendig direk betrokke met die geval waarmee ons te doen het nie”.

[76] Hierdie getuienis is gelewer nadat Dr. Marwick ongeveer 5 – 10 minute gehad het om deur Bundel “D” te gaan wat 322 bladsye beslaan met verskeie fakture en rekeninge. Mnr. Coetsee sê so ‘n getuie is onbetroubaar. Ek handel later met die getuienis oor die trust se quantum, maar mag reeds hier vermeld dat ek inderdaad meen Mnr. Coetsee gelyk het dat hierdie getuienis nie as bevredigend aangemerk kan word nie.

[77] Uit die getuienis blyk dat 80% van die voer wat die koeie ontvang het, afkomstig van Dr. Ferreira was. Slegs 20% van die gevoerde rantsoene was Meadows se voer.

Wanneer Dr. Marwick gevra word oor die toksiene vlakke van die 80% van die voer wat Dr. Ferreira bygevoeg het by Meadows se voer, sê hy "niemand sal weet, niemand het getoets nie".

[78] Dr. Marwick sê hy kan nie sê wanneer die beeste se kondisie begin agteruitgaan het nie. Wanneer hy gevra word of dit van September of Augustus 2001 of miskien Januarie 2002 was, sê hy dat hy nie 'n mening daaroor sal kan gee nie.

[79] Met verwysing na die val in melkproduksie op 29 Oktober 2001 sê Dr. Marwick: "hierso het die melk geval en daar het hy gebly, hy het nooit weer herstel nie". Dr. Marwick beklemtoon dat mens nie na die produksie van net enkele koeie kan kyk nie, mens moet na die kudde as geheel kyk, want dis 'n biologiese dier waarmee jy werk: elke dier kan verskillend reageer op verskillende toestande.

[80] Dr. Marwick gee toe dat, behalwe die kliniese beeld van die diere, hy sy mening gebaseer het op inligting wat Dr. Ferreira aan hom gegee het.

[81] Die ernstigste beswaar wat Mnr. Coetsee teen Dr. Marwick opper is dat sy getuienis onbetroubaar is aangesien hy deurentyd opinies lug op grond van inligting wat nie deur hom geverifieer is nie en aangesien hy self vanaf Julie 2001 tot Maart 2002 nie op die plaas was nie.

[82] Dr. Marwick getuig dat hy aan die begin vermoed het dat aflatoksiene die probleem is, maar die resultate van analises het getoon dat dit nie aflatoksiene was nie. Dit is naamlik omdat aflatoksiene 'n spesifieke lewerverandering aandui terwyl die portale fibrose van die lewer wat in hierdie geval gevind is nie spesifieke veranderinge is, wat deur 'n verskeidenheid faktore veroorsaak kan word. Daarna sê Dr. Marwick dat nadat gevind is dat dit nie aflatoksiene was nie, het hulle begin

om ander swamme te isoleer en begin kyk na Fumonosin as die moontlike ander toksien. Hy het ook drie ander toetse laat doen wat nie in Suid-Afrika gedoen kan word nie en hulle het negatief getoets. Op 'n vraag watter toksiene die lewerskade veroorsaak het sê hy dat hy vermoed dat dit die Fumonosin was wat die eintlike toksien was wat die probleem veroorsaak het.

[83] 'n Stelling in Prof. Kriek se verslag word aan Dr. Marwick gelees in kruisondervraging:

> gGoeie kwaliteit lewerbiopsies is ontvang van 5 beeste met ligte degeneratiewe veranderinge, maar geen morfologiese indikasie van onomkeerbare hepatotoksikose wat geassosieer kan word met aflatoksikose of 'n swaminduseerde mikotoksikose nie."

en Stelling in Dr. Botha se brief van 10 Julie 2002 word aan hom gestel:

> gDie lewer wys duidelike tekens van 'n chroniese wanvoeding en sekondêre atrofie sowel as chroniese portale fibrose en ligte inflammasie in twee van die lewersnitte. Laasgenoemde is 'n nie-spesifieke verandering wat met verskeie siektesindrome mag

> voorkom."

Op die vergadering van deskundiges is ooreengekom:

> "Daar is ooreengekom dat die portale fibrose 'n nie-spesifieke verandering is wat deur verskeie toestande veroorsaak kan word insluitende Fasciola-besmetting (lewerslak)."

[84] Dr. Marwick stem saam dat lewerslakke die portale fibrose in die lewer kon veroorsaak het.

Dr. Marwick se deskundige mening is dat daar 'n kombinasie van swam-besmetting was. Watter swam dit was weet hy nie.

**PROF. F. REYERS**

[85] Prof. Reyers is 'n veterinêre patoloog in kliniese patologie.

[86] In sy verslag wys hy daarop dat, volgens die interpretrasie van die serum elakmetiese data 11 van die

20 koeie wat blootgestel is aan die Meadows voer abnormale lae albumien lesings getoon het, terwyl net een van die nie-blootgestelde koeie sodanige lae waarde gehad het. Hy sê dat dit ‘n sterk aanduiding is van deurlopende progressiewe lewerskade met ‘n verminderde funksionele lewermassa.

[87] ‘n Groot deel van Prof. Reyers se getuienis handel oor die afwesigheid van ‘n kopertekort, wat die eerste differensieel-diagnose aanspreek, en ook die molasse-sindroom, naamlik dat as daar ‘n molasse-sindroom was dan sou daar ook ‘n kopertekort aangedui gewees het. Die feit dat hy nie ‘n kopertekort gevind het nie dui dus volgens Prof. Reyers daarop dat die molasse-sindroom nie teenwoordig was nie. Die molasse-sindroom is nie baie waarskynlik nie, want die getuienis is dat dit eerstens kalwers aanval wat skynbaar nie in hierdie kudde gebeur het nie. Dr. Hendricks getuig dat die monsters waarop Prof. Reyers sy mening baseer, drie maande later geneem is, en die beeld wat in Oktober in

die diere was kan verskil van wat in die latere biopsies getoon is.

[88] In kruisondervraging gee Prof. Reyers toe dat lewerslak die lewerskade kon veroorsaak het. Prof. Reyers sê dat daar nie-spesifieke lewerskade was wat deur fumonosin veroorsaak word. Prof. Reyers sê by gossipol vergiftiging sou 'n mens neurologiese tekens verwag het.

[89] Wat lewerslak betref sê Prof. Reyers, dat gebaseer op die ondersoeke van die biopsies van 20 diere wat aan die Meadows voer blootgestel was, lewerslak 'n baie minder waarskynlike oorsaak as die voer is.

[90] Gevra oor ingekoopte diere wat moontlik siektes kon inbring, sê Prof. Reyers dat die groep deskundiges nie daardie moontlikheid kon uitsluit nie. Hy sê dat as die koeie in Julie 2001 ingebring was sou die tekens baie duidelik gewees het in Oktober 2001. 78 koeie is op 10 Julie 2001 ingekoop. Hy sê ook dat niemand doelbewus siek diere sal inkoop nie.

**DR. HENDRIKS**

[91] Dr. Hendriks is ‘n veearts en ook boer. Hy gee verskeie lesings en adviseer boere oor boerdery metodes. Hy het in 2001 die landbouskrywers se Nasionale Boer van die Jaar toekenning ontvang. Hy is ‘n deskundige op die gebied van kudde bestuur.

[92] Dr. Hendriks getuig dat dit onmoontlik is om swamvrye rantsoene vir vee te gee. Hy wys daarop dat die toksienes wat in die monster van Meadows se eerste besending voer gevind is 1/300.000ste is van toksiese vlakke. Hy wys ook daarop dat dit lyk of die monster wat vir swamme getoets is meer as ‘n week in die laboratorium gelê het. Fumonosin groei in mielies. Dit kan ook in die “Horminy Chop” gegroei het wat deel vorm van die rantsoene (80%) wat Dr. Ferreira bygevoeg het by die rantsoen. Hy wys daarop dat vog gebruik word om die doppie sag te maak; dan is daar meer as 12-13% vog in die rantsoen; dan is daar

swamgroei wat bydra tot groot hoeveelhede Fusarium.

[93] Dr. Hendriks wys daarop dat die biopsies in Maart 2002 gedoen is. Hy sê dit dui nie die vlakke aan soos dit in die diere was in Oktober 2001 nie.

[94] Dr. Hendriks wys daarop dat hierdie kudde geïsoleerd was, en dat die kudde dan hulle immuniteit teen sekere siektes, bv. galsiekte en rooiwater verloor en as daar dan diere ingebring word met galsiekte dan kan die hele kudde besmet word. Net een bosluis op een dier is voldoende om die hele kudde te raak. Dr. Hendriks sê hy sou baie bekommerd gewees het as hy hierdie kudde bestuur het want hier was 'n uitbraak van galsiekte.

[95] Dr. Hendriks sê portale fibrose kan in 99% gevalle verklaar word deur die teenwoordigheid van slakke. Hy sê fassiola word in die natuur opgetel en dit is baie onwaarskynlik dat dit net in een dier sou wees.

[96] Dr. Hendriks sê dat omdat veevoer altyd swamme het, sal mens altyd spore van toksienes daarin kry. As Aflatoksienes uitgeskakel word bly daar baie min toksienes oor wat so 'n geweldige impak sou kon hê.

[97] Na Dr. Hendriks se mening kan swamme, op die vlakke wat gevind is, nie 'n bydraende faktor gewees het nie. Hy skakel Meadows se voer totaal uit as moontlike oorsaak.

[98] Dr. Hendriks noem 'n aantal punte wat vir hom uitstaan:

i. Daar was nie voldoende aanpassingsgeleentheid gewees toe die rantsoene die eerste keer vir die diere gegee is nie.

ii. Daar is normale seisoenale veranderinge wat melkproduksie pieke veroorsaak.

iii. Vrotpootjie, mastitis was voor die tyd in die trop teenwoordig. Mastitis is moeilik om uit te skakel met uitslagting.

iv. Hier was duidelik 'n groot uitbraak van galsiekte in die kudde en was heelwat diere ingebring in die kudde in.

v. Hy sê dat stres nie uitgeskakel kan word nie. Daar was moontlik modderstres van die diere en aanpassing van vreemde diere aan 'n nuwe fasiliteit, daar was nuwe melkmasjiene wat van Vryheid in die Vrystaat gekom het. Al hierdie stresfaktore kon 'n invloed op die melkproduksie en kudde gehad het.

vi. Daar is bewys dat molasse 'n rol speel in die onderdrukking van immuniteit. Hier is groot hoeveelhede van molasse gevoer.

vii. Lewerslakke is peervormige slakke wat in groot hoeveelheid albomien dreineer. As daar 'n swam uitbreek van die fasiola (lewerslak) kan die produksie tot 10 liter per koei val.

viii. Proteïne in die rantsoen, die proteïne in lusern wissel van dag tot dag, die voedingsbeheer in die kudde is van kardinale belang.

ix. Die meng van rantsoen is belangrik. Daar moet seker gemaak word dat die voer behoorlik meng.

[99] Dr. Hendriks sê in normale kuddes kan 25% tot 30% van die diere normaalweg uitgeskot word. Dr. Hendriks beskryf 'n differensiële diagnose deur te sê dat as 'n mens nie 100% seker is van al die goed nie dan maak jy differensieel diagnoses:

> gDan sê jy, my diagnose is dit met 'n differensieel diagnose wat so en so en so is, en dan noem jy die redes hoekom jy nie oortuig is dat jy dit kan totaal en al uitskakel nie, met die doel dat dit verder ondersoek moet word, dat daar meer kommentaar oor moet kom, dat ander mense dit kan sien, met ander woorde dat iemand kan sien hoe het jy tot jou diagnose gekom en dit is waaroor dit gaan."

[100] Volgens Dr. Hendriks is deel van Dr. Ferreira se probleem dat hy nie kundige advies ingewin het toe die probleem ontstaan het nie. Nou moet 'n mens met gebrekkige verslae, op die verkeerde tye geneem, kyk wat gebeur het. Dr. Hendriks sê Meadows se voer is nie die mees logiese afleiding van die oorsaak van die probleem nie, dit is die maklikste.

[101] Dr. Hendriks se verduideliking is dat galsiekte uitgebreek het, die plaasbeeste was nie daarop voorberei nie – voerbakke is nie gereeld skoongemaak nie. Die diere was nie goed dopgehou nie. Fasiola was bydraend om die lewerskade te verklaar.

[102] Wat die syfer van dalende melkproduksie betref waarop die trust steun, sê hy dat as koeie galsiekte gehad het, herstel hulle nie. Dit bring geweldige lewerskade teweeg. Mens kan nie melkproduksie oor seisoene heen vergelyk nie, sê hy. Wat aanpassing by die nuwe voer betref sê hy dat daar twee aanpassings is:

(i) Aanpassing van smaak;

(ii) Rumin – die koei se maag moet aanpas by die voer.

Die diere neem 'n tyd om aan die smaak gewoond te raak. Daar kan byvoorbeeld vismeel of mieliemeel of ander bystowwe wees wat anders smaak as waaraan die diere gewoond is, en sy maag intern moet gewoond raak aan die nuwe kos. (Dit is aanvaar deur al die

getuies dat daar aanpassingsprobleme sou wees met oorskakeling van voer maar die algemene gevoel was dat dit ‘n betreklike kort tydperk was wat in elk geval nie die sindroom tot gevolg sou gehad het nie.)

[103] Dr. Hendriks sê anaplasma is ‘n parasiet wat in rooi bloedselle voorkom wat oorgedra word deur bosluise. Dit is galsiekte.

[104] Dr. Hendriks se gevolgtrekking is dus dat die sindroom op die trust se plaas in die kudde veroorsaak is deur ‘n aantal faktore waar galsiekte veroorsaak deur bosluise wat ingebring is deur ander diere wat ingekoop is, een van die faktore was en waar daar ander faktore ook ‘n rol gespeel het maar waar die voer definitief nie as oorsaak uitgewys kan word nie.

**PROF. LEON PROZESKY**

[105] Prof. Prozesky is ‘n anatomiese patoloog. Hy bevestig

dat hier ‘n lewerslakprobleem was. Prof. Prozesky sê dat die letsels wat op die biopsies gesien is kan koroleer met ‘n lewerslak-besmetting:

> “So my afleiding is, met die inligting tot my beskikking, dat hierdie verhoogde ensiemvlakke die gevolg is van lewerslakbesmetting en dat die beskadigde galbuise hierdie ensieme afgeskei het.”

[106] Met verwysing na Dr. Botha se verslag bevestig Prof. Prozesky dat die histologiese letsels in die lewer in ooreenstemming is met ‘n makroskopiese beskrywing van ‘n swaar fasciola infestasie. Prof. Prozesky sê dat die lewerslakbesmetting nie veroorsaak kon word deur Meadows se voer nie. Prof. Prozesky sê dat met die inligting tot sy beskikking is daar nie voldoende bewys dat ‘n swambesmetting, en veral by name F. moniliforme, gekoppel kan word aan die sindroom soos waargeneem op die trust se plaas nie.

[107] In kruisondervraging bevestig Prof. Prozesky dat portale

fibrose deur verskeie toestande veroorsaak word, lewerslak is een van hulle.

[108] Gevra na aanleidng van die feit dat die deskundiges se notule vermeld dat die deskundiges ooreengekom het dat lewerslak *per se* nie die oorsaak van die sindroom kan wees nie, sê Prof. Prozesky:

> “Wat ons gesê het, dit kan ‘n bydraende faktor wees. Ons kan nie net sê lewerslak het daardie hele sindroom veroorsaak nie, ons sê dit kan ‘n bydraende faktor wees, maar net die hele sindroom, net lewerslak, ek dink nie dit is waar nie.”

**MNR. STRAUSS**

[109] Mnr. Strauss het as deskundige geoktroieerde rekenmeester getuig. Hy het eenvouding Dr. Ferreira se boeke van die trust nagegaan en bevestig dat daardie boeke ooreenstem met rekenkundige praktyk. Hy gaan dus eenvoudig op die getuienis van Dr. Ferreira. Hy gee geen onafhanklike getuienis nie en het nie getuig oor die

foute in daardie berekeninge wat later in kruisondervraging uitgewys is aan Dr. Ferreira, en ook nie oor die aannames wat Dr. Ferreira op boerderybasis gemaak het en sy evaluasie van diere oor sy seisoene heen in verband met melkproduksie nie.

**SUBMISSIES NAMENS DIE TRUST**

[110] Mnr. Ploos van Amstel, namens die trust, sê daar was onteenseglik fout met Meadows se voer konsentraat omdat Vermaak, (die plaasbestuurder) Dr. Ferreira en Frikkie Botha dit dadelik gesien het. Wat hulle dadelik gesien het, was "swart klippies" in die voer. Dit het later geblyk dat die "swart klippies" oorgeprosseseerde bloedmeel was wat nie 'n probleem geskep het nie. Dit het Prof. Naude getuig. Die trust se saak is swambesmetting, wat niks te doen het met bloedmeel, wat aanvanklik 'n bron tot kommer was nie.

[111] Mnr. Ploos van Amstel sê ook dat die probleem met die voer word bewys deur die feit dat daar 'n dadelike en

drastiese val in melkproduksie was wat vir 'n lang tyd voortgeduur het.

[112] Mnr. Ploos van Amstel sê dat Meadows se voer die probleem veroorsaak het. Hy stel dit soos volg in sy betooghoofde:

> "216. Die mees waarskynlike oorsaak van die probleem was dat dit swamvergiftiging (mokotoksikose) was:
>
> 1. Op **Vrydag, 26 Oktober 2001** is 17,9 ton HDB in Welkom vervaardig met verdagte grondstowwe;

2. Die kragkonsentraat is reeds op **Vrydag** gelaai in die tenkervragmotor en het toe daarin gestaan tot dit **Maandag, 29 Oktober 2001** na die Trust vervoer is. Dit het toe 18,9 ton geweeg.
3. Dit was warm in Wekom in **Oktober**/**November** en dit is onwaarskynlik dat die kragvoer verkoel gehou is;

> 4. Daar was dus voldoende tyd en hoogs waarskynlike toestande vir giftige swamme (toksiese fungi), wat altyd in sulke kos teenwoordig is, om kol-kol te groei en gevaarlike hoeveelhede gifstowwe (mikotoksiene) te produseer;

5. Daar kon ook vreemde stowwe in die ekstra amper 1 ton (981kg) gewees het;
6. 'n Monster het getoon dat hierdie vrag ERG besmet was met 'n swam

wat daarvoor bekend is dat hy gifstowwe afskei, naamlik die Fusarium Moniloforme;

7. Fusarium moniloforme produseer onder andere die gifstof fumonosin terwyl ander Fusarium Spp ander gifstowwe produseer, naamlik die sogenaamde trichothecene, nivalenol en deoxynivalenol;

8. Ontleding van die monster van die voer in Oslo, Noorweë het die aanwesigheid van die gifstowwe Fumonisins, nivalenol en deoxynivalenol in die vrag aangetoon, en 'n ontleding het die aanwesigheid van die gifstowwe aflatoksiene B2, G1 en G2 in die vrag aangetoon;

9. Fumonosin is 'n gifstof wat primêr die lewer van beeste aantas en immuun-onderdrukking (soortgelyk aan Vigs by die mens) kan veroorsaak;

10. Dit verooraak onsmaaklikheid en traagheid om te eet wat wel die geval met die Trust se kudde was;

11. Die vlakke waarteen fumonosin giftig in beeste is, is 100-150 dpm (dele per miljoen) terwyl die fumonosin wat in die "**grypmonster**" gevind is, slegs 0,24 dpm was.

12. Die vergiftiging van die kudde kon egter ook teweeggebring word deur die ander gifstowwe hierbo genoem wat mekaar se werking onderling kan versterk (additief, potensieërend).

13. Dit is welbekend dat die konsentrasie van enige gifstof in 'n vrag van 19 ton van plek-tot-plek in die vrag enorm sal verskil.

14. Die gifstowwe kon later vermeerder het, omdat die vrag sweet in die vragmotor (vir ten minste 72 h) en daarna op 'n hoop op die plaas lê vir twee weke (normale praktyk) terwyl dit gevoer word;

15. Die grypmonster wat Dr. **Ferreira** geneem het, was hoegenaamd nie voldoende of verteenwoordigend nie.

16. Die vlakke van gifstowwe in die kragvoer kon gemiddeld selfs laer gewees het as wat in die monster gevind is; dit is egter <u>baie meer waarskynlik</u> dat dit <u>baie hoër</u> sou gewees het."

**SUBMISSIES NAMENS MEADOWS**

[113] Mnr. Coetsee wys daarop dat, by nagaan van die gesamentlike deskundige notule val twee aspekte op:

(i) Die deskundiges kon nie tot die gevolgtrekking kom dat dit Meadows se voer was wat die sindroom veroorsaak het nie; en

(ii) Die deskundiges kon nie alle eksterne faktore uitskakel as dat dit nie 'n bydraende faktor kon wees nie.

[114] Mnr. Coetsee se vernaamste kritiek teen die trust se saak is dat die trant van Dr. Ferreira se getuienis is dat Meadows se vervoer die probleem is maar hy het nie feite waarop hy daardie gevolgtrekking baseer nie. Hierdie submissie word geïllustreer deur te verwys na Dr. Ferreira se getuienis gedurende kruisondervraging oor sy probleme met die voer:

[115] Met betrekking tot Dr. Ferreira se aanval op die voer word in kruisondervraging gevra wat sy beswaar teen die voer is en dan noem hy sewe probleme. Daardie

probleme word in kruisondervraging met hom in omgekeerde volgorde opgeneem:

1. Die sewende probleem wat deur Dr. Ferreira geïdentifiseer was, was karkasmeel. Dr. Ferreira kon nie getuig oor die karkasmeel nie en het na Prof. Naude verwys maar Prof. Naude het nie oor die karkasmeel getuig nie. Dus is daar geen getuienis dat karkasmeel enige probleem veroorsaak het nie. Dit het ook nie 'n rol gespeel in die argument van Mnr. Ploos van Amstel namens Meadows nie.

2. Die sesde probleem was die aanwesigheid van heel mieliepitte in die voer, wat volgens sy verduideliking, 'n verhoogde kans vir besmetting meebring. Dr. Ferreira het toegegee dat hierdie beswaar saam met die eerste beswaar naamlik swambesmetting behandel kan word.

3. Die vyfde beswaar was die verdagte bloedmeel en ten opsigte van hierdie kwessie het Dr. Ferreira getuig dat hy nie ‘n deskundige is om te kan sê wat die effek daarvan sou wees nie. Prof. Naude het in sy getuienis na hierdie kwessie van bloedmeel verwys en gesê dat die bloedmeel wat in die voer was nie ‘n probleem was nie. Die “swart klippies” in die voer was eenvoudig oorgeprosseseerde bloedmeel wat nie ‘n probleem veroorsaak het nie. Mev. Durham, ‘n voedingskundige konsultant, het ook oor die bloedmeel getuig en haar getuienis was dat bloedmeel ‘n baie goeie verbyvloei proteïenbron is en nie ‘n effek sou gehad het op die registrasie van die produk nie. Mev. Durham se getuienis was verder dat bloedmeel ‘n aanvaarbare grondstof is.

4. Die vierde beswaar wat deur Dr. Ferreira geopper was, was dat die vrag oor ‘n naweek in ‘n vragmotor gestaan het. Hy het egter toegegee dat hierdie beswaar ook tuishoort onder die kwessie van

swambesmetting.

5. Die derde beswaar wat deur Dr. Ferreira geopper was, was dat daar 'n produksieverlies plaasgevind het. Hy het egter toegegee dat hierdie beswaar eerder die effek as 'n fout was en nie 'n fout op sigself nie.

6. Die tweede beswaar was 'n ekstra 980kg as deel van die eerste vrag. Dr. Ferreira het getuig dat hy nie kan sê wat die 900kg was of wat die effek daarvan was nie. Hy sê net mens weet nie.

7. Die eerste beswaar wat deur Dr. Ferreira geopper was, was die kwessie van swambesmetting. Sy getuienis was dat dit die punt is wat uitstaan as sy vernaamste beswaar teen Meadows se voer. Dr. Ferreira getuig dat hy nie in 'n posisie is om 'n deskundige opinie te kan lug oor die effek van swamme nie.

**<u>EVALUASIE VAN GETUIENIS</u>**

**(a) <u>Deskundige Getuies</u>**

[116] Prof. Naude, Prof. Reyers en Prof. Prozesky is almal vooraanstaande deskundiges op hulle vakgebied. Beide Prof. Naude en Prof. Prozesky het vrae saaklik en op die punt af beantwoord binne hulle vakgebiede. Prof. Reyers was geneig om breedsprakig te wees en af te dwaal van die punt. Al die deskundiges se probleem was dat hulle met gebrekkige (laat en min) wetenskaplike data moes werk.

[117] Die twee veeartse – Dr. Marwick, wat vir die trust getuig het en Dr. Hendriks, wat vir Meadows getuig het, het uit die praktyk gepraat. Dr. Hendriks het die voordeel dat hy ook 'n boer is wat betrokke is by kudde bestuur vir ander boere. Hy was ook die Nasionale boer van die jaar en is duidelik baie noulettend in sy praktyk. Hy was soms oorversigtig deur sy antwoorde te kwalifiseer. Hy

was wel baie huiwerig om enige kritiek teen Meadows uit te spreek en ek neem dit in ag by die beoordeling van sy getuienis, maar dit doen nie afbreuk aan sy ervaring in die veld nie. Ek het sy getuienis bo die van Dr. Marwick verkies, wie se houding moontlik gekritiseer kan word met betrekking tot die kwantifisering van sy veeartskoste, soos wat Mnr. Coetsee aangevoer het. Toe in kruisondervraging aan hom uitgewys is dat al sy rekeninge nie verband hou met Meadows se voer nie, was daar 'n kort verdaging en daarna het Dr. Marwick sy rekeninge lukraak verminder.

[118] Hierdie tipe getuienis lyk my na die van 'n persoon wat te maklik gevolgtrekkings maak en te haastig is. Ek sou van 'n versigtige en noukeurige wetenskaplike verwag om te versoek om oornag die dokumente te ondersoek en dan 'n behoorlik gefundeerde antwoord te gee deur al die irrelevante state te verwyder en sy quantum dienooreenkomstig aan te pas. Hierdie kritiek moet dan natuurlik ook in 'n mate gelê word aan die deur van Dr.

Ferreira wat as die verweerder beskou word.

[119] Die twee uitstaande deskundige getuies was Prof. Naude en Prof. Prozesky. Prof. Naude se gevolgtrekking is 'n diagnose van kroniese mikotoksien moontlik te wyte aan fumonisin en/of ook ander ongeïdentifiseerde fungus toksiene, wat as die mees waarskynlike primêre oorsaak gegee word. Hy sê die mikotoksienvlakke in die voer was laag (0,24 dele per miljoen), terwyl toksiese vlakke in beeste 100-150 dele per miljoen is.

**(b) Ander Getuies**

[120] Marais, Botha en Vermaak, die leke getuienis se weergawes was nie altyd heeltemal bevredigend nie, maar die tydsverloop sedert die gebeure het seker sy tol geeis. In hierdie saak is die deskundige getuienis meer belangrik.

[121] Dr. Ferreira het nie ‘n gunstige indruk gemaak nie. Sy eis was aanvanklik gegrond op die “swart klippies” in die voer. Toe die verhoor begin was die bewering, soos ek dit verstaan het, dat Meadows karkasmeel gebruik wat hy nie mag doen nie, daar was dus ‘n verbode produk in die voer wat Meadows verkoop het. Vandaar dat daar gevra was na registrasiesertifikate en bestanddele van die voer. Die saak was gedryf op die basis dat daar verbode bestanddele in die voer was, naamlik spesifiek die karkasmeel. Uit die kruisondervraging het duidelik geblyk dat Dr. Ferreira ongelukkig was met die gebruik van karkasmeel in voere omdat dit ook aanleiding kon gee tot malkoei-siekte.

[122] Dr. Ferreira gaan so ver in sy getuienis om te verwys na die bloedmeel en te sê dat dit eintlik karkasmeel is. Die onderskeid is belangrik want bloedmeel is toelaatbaar, karkasmeel verbode. Dr. Ferreira getuig dan dat Dr. Joubert (wat nooit getuig het nie) gesê het dat die klippies karkasmeel is. Kyk mens na Dr. Joubert se

verslag in die deskundige bundel sien mens Dr. Joubert sê dit lyk soos karkasmeel. Hy sê nie dit is karkasmeel nie. Hierdie was weer 'n verdere aanduiding dat Dr. Ferreira bereid was om sy getuienis aan te dik sonder dat daar 'n behoorlike basis daarvoor was.

[123] Dit lyk of Dr. Ferreira aanvanklik sy mes ingehad het vir Meadows omdat hulle volgens hom karkasmeel gebruik het in hulle voer wat tot malkoei-siekte kon lei. Toe dit egter geblyk het dat swamme die oorsaak van sy probleem was hou Dr. Ferreira vol dat die swamme van Meadows se voer – al ses vragte – afkomstig was sonder dat enige monsters geneem was van vragte 2 tot 5. Daar was eenvoudig geen basis vir sodanige bewering nie.

[124] Ook Dr. Ferreira se getuienis oor quantum plaas sy getuienis in 'n swak lig. Sy eis is opgeblaas en getuig nie van redelikheid nie.

[125] Op die ou end is hierdie ‘n geval waar geloofwaardigheid nie ‘n deurslaggewende rol speel nie. Dit gaan oor kousaliteit. Die probleem is egter dat die deskundiges hulle gevolgtrekkings in ‘n groot mate baseer op die syfers en die statistieke en grafieke wat Dr. Ferreira hulle gee. Hulle sê daar was skielik ‘n dramatiese val in melkproduksie. Wanneer ‘n mens egter kyk na hoe die berekeninge gedoen word en die feit dat Dr. Ferreira in ‘n groot mate buite rekening laat dat daar altyd sterfte is, dat daar seisoenale verandering is, dat daar minder koeie was, dan begin ‘n mens twyfel oor hierdie gevolgtrekking. Wat egter wel soos ‘n paal bo water staan is dat daar abnormale aantal sterftes was as gevolg van lewerskade. Die vraag is egter wat hierdie lewerskade veroorsaak het.

[126] Soos blyk uit kruisondervraging grond Dr. Ferreira sy berekeninge op twee weke voor 29 Oktober 2001 se produksie om te toon dat melkproduksie gedaal het. Dr. Ferreira weier om toe te gee dat sodanige gebruik ‘n

verdraaide en misleidende beeld gee. Hy eis vir 51 vrektes en gee daar toe dat "die eerstes" (hoeveel ?) nie aan Meadows se voer toegeskryf kan word nie. Hy eis vir 315 koeie wat verkoop moes word en gee toe dat almal (hoeveel ?) nie noodwendig verkoop sou moes word nie. Hy gee ook toe dat daar in elk geval aborsies en resorpsies sou wees en sê dat dit reeds in berekening gebring is.

[127] Aan die einde van Dr. Ferreira se getuienis sien 'n mens egter dat daar 'n lukraak manier is om met die aangeleentheid te handel. Dit lyk eenvoudig asof hy 'n eis wil fundeer maak nie saak wat die feite is nie.

[128] Wat Vermaak betref was dit duidelik dat hy nie op 'n goeie voet was met Dr. Ferreira nie en ek neem dit in ag. Wat egter wel soos 'n paal bo water staan is sy getuienis dat die voer nie op die 29ste Oktober gebruik is nie en dan ook die getuienis wat nooit aangeveg is nie dat die voerbakke nie altyd skoon was nie. Die

moontlikheid van kontaminasie met ou voer of ander voer staan dus ook vas.

[129] ‘n Verdere punt van kritiek teen Dr. Ferreira is dat daar nooit enige toetse gedoen is op die 80% komponent van die voer wat hy gebruik het nie.

[130] Die basis waarop Dr. Ferreira die Hof vra om in sy guns te beslis is op grond van swambesmetting in die voer.

[131] Daar is altyd swamme in die voer. Dit is die getuienis van Dr. Hendriks en dit is deur niemand aangeveg nie. Daar was verskeie ander moontlike oorsake vir die lewer skade en melkverlies op die plaas. Die mees voor-die-hand-liggende oorsaak is dat een of meer van die ingekoopte diere galsiekte ingebring het wat toe gelei het tot galsiekte.

[132] Dr. Ferreira het die verkeerde rede (die bloedmeel wat hy gedink het karkasmeel is) ondersoek terwyl die

swambesmetting die werklike rede was wat te laat eers ondersoek en opgevolg is. Daar was voor die tyd ook siektes (insluitende galsiekte) en vrektes en melkverliese. Hierdie verlies was groot maar daar is nie 'n noodwendige koppeling aan Meadows se voer nie. Die feit dat gebeure op mekaar volg beteken nie noodwendig dat die een die ander veroorsaak nie. Soos Dr. Hendriks dit stel in sy deskundige opsomming:

> "Met in agneming van die tydsverloop wat plaasgevind het vandat die konsentraat wat volgens die Holstein Trust nie aan standaarde voldoen het nie, gevoer is, is die beweerde verband met al die beweerde gevolge wat plaasgevind het, nie duidelik nie. Dit blyk dat meeste van die mortaliteite en siektesindrome voorgekom het lank nadat daar opgehou is met die toedien van die voer. Volgens die dokumente soos blootgelê deur die Holstein Trust, was byna al die patologiese verandering omkeerbaar. Daar is niks wat daarop dui dat permanente gevolge kon voorkom uit iets wat uit rantsoene kon kom nie. Die konsepsies in alle kuddes op die Hoëveld is ook besonder laag in Desember, Januarie en Februarie en word toegeskryf aan hitte-'stres'."

**BEOORDELING EN SLOTSOM**

[133] In die lig daarvan dat die kwessie van swambesmetting die vernaamste aspek is waarop die trust gesteun het vir doeleindes van die teeneis verskuif die ondersoek dan na dit wat die trust se deskundiges sê oor die effek van swambesmetting, want dit is die basis van die teeneis.

[134] Die eerste probleem wat die trust het, is dat daar onvoldoende monsters geneem is. Die deskundiges kom in hul notule soos volg ooreen:

> "Daar is ooreengekom dat niks wat uit die grypmonsters van die voer geisoleer is, in 'n genoegsame konsentrasie teenwoordig was, om die sindroom te veroorsaak soos waargeneem word op die plaas van die verweerder."

[135] Dit help die trust nie om te sê dat dit iets anders kon gewees het nie, want die Trust dra die *onus* om aan te dui wat die sindroom veroorsaak het. Die trust kan nie

gehoor word om te sê dat hy sy *onus* gekwyt het om te bewys dat dit 'n onbepaalde en ongeïdentifiseerde "iets" was in Meadows se voer wat die sindroom veroorsaak het nie. Wat meer is, is die feit dat vlakke, volumes, of persentasie van hierdie ongeïdentifiseerde swam/ toksien/element, ook onbekend en onbewese is.

[136] Benewens die feit dat die trust nie getuienis voor die hof geplaas het oor die aard van wat in Meadows se voer was wat die probleem kon veroorsaak het nie, kan die trust se getuienis ook nie die teenwoordigheid van faktore wat aanleiding gee tot van die differensieel diagnoses uitskakel nie.

[137] Daar is 'n aantal onbevredigende aspekte van Dr. Ferreira se getuienis wat in kruisondervraging na vore kom:

i. Die datum wanneer Meadows se voer vir die eerste keer gebruik word. Botha sê dat hy 'n dag of twee na die 29ste vir Dr. Ferreira geskakel het

en gevra het hoe dit gaan met die voer en toe het Dr. Ferreira hom meegedel dat hy nog nie begin het om die voer te gebruik nie. Hierdie getuienis is nie weerlê nie. Die plaasbestuurder, Mnr. Vermaak, getuig dat die voer definitief nie op die 29ste gebruik is nie en dat dit bo in die voermenger gegooi is en dat dit waarskynlik eers die volgende dag gebruik is. 'n Verdere probleem daarmee is dat Dr. Ferreira sy getuienis baseer op 'n skielike en eenklapse val in melkproduksie op 29 Oktober 2001. Aanvaar mens die syfer van die drasties-verlaagde melkproduksie op 29 Oktober 2001, soos wat 'n mens moet op Dr. Ferreira se getuienis (hy is die enigste persoon wat daaroor getuig) dan weet mens dat die probleem dat, wat al die deskundiges gebruik as skielike en dramatiese val, iets is wat plaasgevind het voordat daar begin is om Meadows se voer te gebruik. Dit dui daarop dat daar 'n ander oorsaak moes gewees het op Dr. Ferreira se eie weergawe van

feite, naamlik die val van sy melkproduksie reeds op 29 Oktober voordat Meadows se voer begin gebruik is.

ii. Die grafiek waarop die deskundiges steun van die melkproduksie wat die val op 29 Oktober 2001 aandui is gebaseer op Dr. Ferreira se getuienis.

iii. Dr. Ferreira vind fout met al ses vragte, soos Mnr. Ploos van Amstel dit stel, die feit dat swamme in vrag een en ses gevind was "voorspel niks goeds" vir die vier vragte tussenin nie. Dit is maar 'n dun basis vir 'n eis.

iv. Die trust ignoreer totaal die vrag voer wat tussenin gebruik is. Daardie vrag was die kos van 'n ander vervaardiger naamlik, Nolko, en die moontlikheid bestaan dat daar in daardie vrag probleme was.

v. Die 80% voer wat deur Dr. Ferreira self bygevoeg is by die voer van Meadows voordat die koeie dit gebruik het, is nooit getoets nie en die getuienis is dat niemand sal weet wat daar was nie. Die getuienis was dat daar mielies was, koekmeel en

ander produkte wat oud was en ook swamme kon bevat en die swamme kon ewe goed uit daardie bron veroorsaak wees. Niemand het ooit daardie bron getoets nie en niemand kan sê of daar probleme daarmee was nie.

vi. Die 72 uur stilstand van die eerste vrag word as verdag aangegee maar daar is geen getuienis dat die skale in die fabriek en by die weegbrug gesinkroniseer was nie. Daar is ook geen aanduiding dat die ekstra 981kg in die voer die probleem veroorsaak het nie. Dit is ‘n eenvoudige verdagte faktor, dit is iets wat nie getoets is nie, net soos die 80% van die voer wat deur die trust bygesit is by die totale rantsoen ook nie getoets is nie. Mens sou eweneens kon argumenteer dat dit verdag was behalwe dat ‘n mens hier die bykomende faktore het dat dit in ‘n vragmotor gestaan het oor ‘n naweek en dat die moontlikheid bestaan dat swamme daarin kon gegroei het. Die getuienis is egter dat swamme gegroei het en selfs

as die swamme gegroei het sou hulle 300 000 keer meer moes gewees het as wat hulle was na die naweek (toe Dr. Ferreira sy monster op die plaas geneem het) ten einde 'n toksiese effek te kan hê.

vii. Die trust se saak is dat daar fout was met al die vragte. Die trust vra nie dat beregting van die hoofeis oorgehou word hangende beslegting van die teeneis omdat die teeneis die hoofeis oorskry nie. Die trust se saak is dat al Meadows se voer defektief was. Daar is geen wetenskaplike basis vir sodanige houding nie.

[138] Volgens die trust se getuies is die wesenlike oorsaak Meadows se voer. Daar is wel swambesmetting gevind in die monster van Meadows se eerste vrag voer maar nie in sodanige konsentrasie as wat toksies vir die koeie sou gewees het nie. Die monster is ook nie korrek geneem nie – volgens Prof. Naude wat namens die trust getuig het moes 9 monsters van 2½kg elk op

verskillende plekke op die hoop geneem gewees het wat dan verkoel bewaar moes word om verdere swamgroei te voorkom. Geen monsters van die middelste vier vragte was geneem nie. ‘n Mens weet dat hierdie monster wat geneem was eenvoudig deur Dr. Ferreira geneem was in ‘n plastieksakkie, ‘n monster van ongeveer 1½ of 2 kg en dit blyk ook nie wat daarmee gebeur het totdat dit in die laboratorium geanaliseer is, die waarskynlikheid is dat daar wel geleentheid was vir swamgroei. Daar is geen aanduiding dat dit enigsins verkoel of geïsoleer gehou was nie.

[139] Die deskundiges het as uitgangspunt geneem die feit dat die sindroom ingetree het op 29 Oktober 2001 en die volgende word in die notule vermeld:

> “1.1 Volgens verslae ontvang is die volgende waarnemings gemaak nadat die eerste besending voer op 29 Oktober 2001 op die plaas van die verweerder afgelewer is:
>
> - Progressiewe

val in melkproduksie

- Progressiewe agteruitgang van koeie se kondisie
- Vrugbaarheidsprobleme met aborsies (50 gevalle) en resorbsies (90 gevalle)
- Mortaliteit van 37 koeie oor 'n periode van agt maande
- 180 koeie is van Mei tot Augustus 2002 deur die verweerder geslag.

**Kommentaar:**

Almal teenwoordig stem saam."

[140] Die trust se saak was, dalk oor-vereenvoudig gestel, dat Meadows se voer swambesmetting gehad het, wat tot lewerskade in die koeie aanleiding gegee het, wat, soos Dr. Ferreira dit gestel het, tot verlaging van die immuniteit van die koeie gelei het. In verband met lewerskade vermeld die notule dat daar geen histopatologiese bewys van onomkeerbare lewerskade was nie. Portale fibrose in die lewer is wel in latere biopsies getoon. Portale fibrose is 'n nie-spesifieke verandering wat deur verskillende toestande veroorsaak kan word. 'n Mens weet dus nie wat spesifiek dit veroorsaak het nie.

[141] Wat 'n mens dus het is die voer-monster wat deur Dr. Ferreira geneem is wat swaar besmet was met swamme (dog steeds veel laer as toksiene vlakke; fumonosin teen ,25 dele per miljoen, waar die toksiese vlakke 100 – 150 dele per miljoen is) en die biopsies wat nie-spesifieke lewerskade getoon het. Volgens Prof. Prozesky was

portale fibrose ook teenwoordig in diere wat nie aan Meadows se voer blootgestel is nie.

[142] Die trust se saak is dat Meadows se voer lewerskade veroorsaak het wat verlaagde immuniteit tot gevolg gehad het. Uit bostaande weet mens dat die lewerskade nie-spesifiek was. Prof. Naude wat namens Meadows getuig het, het toegegee dat daar in geen voer-monster vlakke van besmetting was wat toksies van aard was nie. Prof. Naude sê ook:

> "gOns het nie bewys wat die oorsaak sou gewees het nie. Ons het net omstandigheidsgetuienis dat van die tyd wat die produk gevoer is, daar ernstige probleme in sy kudde voorgekom het."

[143] Prof. Naude sê hy "vermoed" Meadows se voer het die probleem veroorsaak. Geen swam is in voldoende toksiese hoeveelheid in enige monster gevind om die probleem te veroorsaak nie. Die trust se saak is dat die probleme met die kudde veroorsaak is deur 'n swam wat nie geïdentifiseer is nie. Daarom steun die trust op

omstandigheidsgetuienis. In ‘n siviele saak is dit nie nodig dat die eiser wat hom op omstandigheidsgetuienis beroep moet bewys dat die afleiding wat hy die Hof vra om te maak die enigste redelike afleiding moet wees nie. Hy sal die bewyslas wat op hom rus kwyt, indien hy die Hof kan oortuig dat die afleiding wat hy voorstaan die mees voor-die-hand-liggende en aanvaarbare afleiding is van ‘n aantal moontlike afleidings (**AA ONDERLINGE ASSURANSIE–ASSOSIASIE BEPERK v DE BEER** 1982 (2) SA 603 (A) op 614 G – H).

[144] In die teeneis is dit gemenesaak dat die trust ‘n bewyslas dra en die trust moet op ‘n oorwig van waarskynlikhede bewys dat die eiser se voer verantwoordelik was vir die probleem. Dit is die kousaliteitsvraag. Afgesien daarvan, met verwysing na die kontrak (klousule 2,2 daarvan) moet die trust ook nalatigheid by Meadows bewys. Wat die kousaliteitsvraag betref sal ‘n mens moet bevind dat die trust op ‘n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat

Meadows se voer die probleme veroorsaak het.

[145] Kyk mens na die omstandigheidsgetuienis is Dr. Ferreira se getuienis van belang. Hy getuig dat op 29 Oktober 2001, na die gebruik van Meadows se eerste vrag voer daar 'n drastiese val in die melkproduksie was. Hy toon hierdie val letterlik en grafies aan in bewysstuk C.93. Van daardie dag af, volgens die grafiek, val die gemiddelde daaglikse melkproduksie vanaf 7 957,25 na 6 900,10. Dit is 'n val van 1 000 liter per dag. Dit is die totale melkproduksie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat Dr. Ferreira gedurig werk met die totale produksie van sy kudde, nie van die produksie per dier nie. Wanneer die syfers per dier, wat in die stukke is, nagegaan word blyk dat party koeie se melkproduksie inderdaad opgegaan het. Mens kyk dus eenvoudig heeltyd volgens Dr. Ferreira na die totale kudde se produksie.

[146] Daar is onduidelikheid rondom die datum van 29

Oktober 2001. Botha, wat deur die trust as getuie geroep is, getuig dat hy "'n dag of twee na 29 Oktober 2001" vir Dr. Ferreira gebel het om te hoor hoe die voer is, omdat hy nuuskierig is; toe het Dr. Ferreira hom meegedeel dat hy nog nie begin het om die voer te gebruik nie. Volgens hierdie getuienis is dit duidelik dat Dr. Ferreira nie op 29 Oktober 2001 begin het om die voer te gebruik nie, maar eers later, waarskynlik eers 30 of 31 Oktober. Vermaak wat die trust se bestuurder was op daardie stadium op die plaas het getuig dat daar nog van die vorige voer in die menger oor was en dat die voer eers op die 30ste gebruik sou begin word. Die veerarts Dr. Van Hasselt se memorandum vermeld dat Dr. Ferreira die monster op 2 November 2001 afgegee het. Dr. Ferreira getuig dat hy die monster afgegee het die dag nadat hy dit geneem het. Hierdie verwarring by Dr. Ferreira versterk Botha se getuienis dat Dr. Ferreira eers 'n dag of twee ná 29 Oktober 2001 begin het om die voer te gebruik.

[147] Die sogenaamde onmiddellike drastiese val in melkproduksie rus op wankelrige bene. Eerstens as gevolg van die feit van die datum van 29 Oktober en tweedens as gevolg van die berekeninge van Dr. Ferreira.

[148] In kruisondervraging van Dr. Ferreira blyk dat die syfers waarop hy steun en op sy beurt die deskundiges wat hom ondersteun, in sekere gevalle verkeerd is. Hy beklemtoon in sy hoofgetuienis die feit dat sekere koeie se produksie geval het, maar laat die verhoogde produksie van sekere koeie buite rekening.

[149] Dr. Ferreira kyk na sy totale produksie. Dit hang natuurlik af van hoeveel koeie in melk is. As gevolg van die siektes en sterftes het die getal koeie wat in melk was gedaal. Dan moet mens kyk na wat die siektes en sterftes veroorsaak het. Die afleiding wat Dr. Ferreira wil hê die hof moet maak is dat dit as gevolg van die lewerskade was. Prof. Prozesky sê egter dat daar ook

lewerskade was by koeie wat nie aan die verdagte voer blootgestel was nie. Dr. Hendriks sê dat die swam fasarium, ook uit mielies afkomstig was. Mens weet dat deel van die 80% van die voerkomponent, mielies was wat op die trust se plaas gekweek is. Dr. Hendriks sê dat as daar probleme met die vee is, is die eerste ding wat die boer doen, om die voer te blameer. Hy sê daar is 'n legio ander faktore wat dieselfde sindroom by die vee kon veroorsaak het. Galsiekte lei ook tot lewerskade.

[150] Hierdie beeld wat Dr. Hendriks skep, van galsiekte wat lewerskade in 'n aantal diere kan veroorsaak, ongeag die voer, pas in by Prof. Prozesky se getuienis dat ook diere wat nie aan die voer blootgestel is nie, lewerskade gehad het. Verder weet mens uit die verslae van die veearts Dr. Van Hasselt dat daar galsiekte op die plaas voorgekom het voor 29 Oktober 2001.

[151] Dr. Hendriks se verduideliking lyk vir my meer voor-die-

hand-liggend as dat die probleem totaal aan die voer toegeskryf moet word, veral in die lig van die feit dat die trust beweer dat al die eiser se voer sleg was vir 'n rede wat hy glad nie eers probeer verduidelik ten opsigte van die vier vragte nie. Die feit dat Dr. Ferreira eenvoudig alles wat Meadows doen blameer skep twyfel oor die waarde van sy getuienis. Sy deskundiges baseer hulle opinies op die feit dat daar 'n val in melkproduksie was, daar was lewerskade, daar was siekte, daar was aborsies, daar was resorpsies, daar was sterftes. Mens weet dat daar inderdaad lewerskade was maar die vraag gaan oor veroorsaking en mens weet dat daar 'n hele aantal moontlike oorsake was. Verder gee Dr. Ferreira toe dat daar in enige melkkudde aborsies, resorpsies en sterftes is.

[152] Die deskundiges identifiseer agt moontlike oorsake. Dr. Hendriks sê dat galsiekte inderdaad 'n probleem was. Dr. Prozesky sê dat daar ook lewerskade was by diere wat nie aan die voer blootgestel was nie en die

verduideliking dat daar miskien van die voer in bakke oorgebly het en sodanig miskien ‘n ander dier kon blootgestel het lyk vir my maar dun in die lig van die feit dat die trust as eiser in hierdie geval sy saak op ‘n oorwig van waarskynlikhede moet bewys. Ek is nie bereid om op ‘n oorwig van waarskynlikhede te bevind dat die probleme wat by die trust se kudde was veroorsaak is as dominante oorsaak deur die voer nie. Trouens die trust se saak is dat daar geen ander faktor ‘n rol gespeel het nie, alleen maar die voer.

[153] Dr. Hendriks, ‘n ervare en bekwame veeboer en veearts, sê dat daar altyd swamme in voer is. Dit lyk vir my of iets die kudde aangeval het, en die ander oorsake wat in die deskundiges se differensieel diagnoses genoem is, meer voor-die-hand-liggend is as die voer.

[154] Wat monsters betref, is daar slegs monsters ontleed van die eerste en die sesde (laaste) vragte. Beide het die teenwoordigheid van swam getoon hoewel nie naby

toksiese vlakke nie.

[155] Die biopsies wat gedoen is, toon lewerskade by ‘n aantal diere. Die meeste van die 400 koeie in die kudde is nie getoets nie. Die lewerskade was nie-spesifiek en kon deur ‘n aantal faktore veroorsaak gewees het, soos wat die differensieel diagnoses in die Notule van Deskundiges ook aandui. Omdat daar nie wetenskaplike bewys is nie werk die deskundiges met die omstandigheidsgetuienis. Die omstandigheidsgetuienis is gebaseer op Dr. Ferreira se rekords en getuienis. Mnr. Ploos van Amstel sê:

> “185. Daar was onteenseglik fout met Meadows se voerkonsentraat:
>
> 185.1 **Frans Vermaak** het dit dadelik gesien;
>
> 185.2 Dr. **Naas Ferreira** het dit dadelik gesien;
>
> 185.3 **Frikkie Botha** het dit dadelik gesien.”

[156] Die “fout” waarna hier verwys word is die “swart klippies”, wat later geblyk het oorgeprosseseerde

bloedmeel te wees, wat volgens die trust se deskundige, Prof. Naude, geen probleem was nie.

[157] Kyk mens dan na Prof. Prozesky se gevolgtrekking dat hier nie voldoende bewyse is van 'n swambesmetting wat aan die sindroom op die plaas gekoppel kan word nie, dan is die voor-die-hand liggende gevolgtrekking dat die trust nie op 'n oorwig van waarskynlikheid bewys het dat Meadows se voer die oorsaak van sy probleme was nie.

[158] Na my mening is nie bewys dat die voer die dominante rol gespeel het by veroorsaking of enigsins aangedui kan word as oorsaak nie.

**NALATIGHEID BY MEADOWS**

[159] Die trust het na my mening nie daarin geslaag om kousaliteit op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys nie. Enige sprake van nalatigheid sou voortvloei uit kousaliteit en moontlik dan uit die feit dat die eerste vrag

vir ‘n naweek gestaan het in die son en dat daar toe swamgroei was. Daar was nie voldoende swamgroei gevind nie. Dit is nie bewys nie. Dit is ‘n eenvoudige afleiding wat ek gevra word om te maak. Ek is nie bereid om op hierdie getuienis te bevind dat daar nalatigheid by Meadows was nie. Die teeneis moet dus afgewys word omdat daar ‘n gebrek was aan bewys van kousaliteit en nalatigheid.

**<u>DIE HOOFEIS</u>**

[160] Dit is nie nodig om veel te sê oor die hoofeis nie. Aangesien daar nie gevind is dat daar enige fout was met die voer nie is die trust kontraktueel verplig om daarvoor te betaal, die ooreengekome bedrag. Die teeneis moet dus toegestaan word in die ooreengekome bedrag naamlik R220 599,16 tesame met koste.

[161] Bygevolg moet die teeneis met koste afgewys word, en die hoofeis met koste slaag.

[162] Die partye het ooreengekom dat alle voorbehoue koste, koste in die geding sal wees. Bygevolg word alle voorbehoue koste in ondervermelde kostebevele ingesluit.

[163] Die volgende bevel word gemaak:

1. Die verweerder word gelas om aan die eiser die bedrag van R220 599,16 te betaal tesame met rente daarop teen 15,5% per jaar vanaf datum hiervan;

2. Die verweerder word gelas om eiser se koste van die hoofeis te betaal;

3. Die verweerder se teeneis word met koste afgewys;

4. Die verweerder word gelas om die kwalifiserende

fooie van Prof. Prozesky en Dr. Hendriks te betaal.

______________

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens die eiser: | Adv. D.J. Coetsee<br>In opdrag van:<br>Rossouws Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die applikant: | Adv. C. Ploos van Amstel SC<br>In opdrag van:<br>Bezuidenhout & Milton Earle Ing.<br>BLOEMFONTEIN |

/em